Republic of Namibia

# MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE

## SENIOR PRIMARY PHASE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE**

**SYLLABUS GRADE 4-7**

**To be implemented in 2024**

Ministry of Education, Arts and Culture
National Instititute for Educational Development (NIED)
Private Bag 2034
Okahandja
Namibia

© Copyright NIED, Ministry of Education, Arts and Culture 2024
*Afrikaans First Language Syllabus Grades 4 - 7*

**ISBN: 978-99945-2-098- 21**

Printed by NIED
**Website:** http://www.nied.edu.na

*Publication date: December 2024*

**Inhoudsopgawe**

1. Inleiding ....... 1
2. Rasionaal ....... 1
3. Doelstellings ....... 1
4. Insluitende onderwys ....... 1
5. Skakels met ander vakke en interkurrikulêre kwessies ....... 2
6. Onderrig-leer-benadering ....... 5
7. Vaardighede aan die einde van die senior primêre fase ....... 6
8. Samevatting van die leerinhoud ....... 7
9. Leerinhoud ....... 10
9.1. Luister en praat ....... 10
9.2. Lees en skryf ....... 19
9.3. Grammatika en woordeskat ....... 29
10. Assessering ....... 33
10.1. Tipes en metodes van assessering ....... 33
10.2. Graadomskrywings ....... 35
10.3. Beplanning van assessering en byhou van punte ....... 35
10.4. Assesseringsdoelwitte ....... 35
10.5. Deurlopende assessering: Spesifieke riglyne ....... 36
10.6. Eindeksamen: Uiteensetting van vraestelle ....... 41
10.7. Promosiepunt ....... 44
10.8. Verband tussen assesseringsdoelwitte en die vraestelle ....... 44
10.9. Assesseringsrubrieke/kriteria ....... 45
Bylae A: Woordelys ....... 46
Bylae B: Leesbegripstrategieë ....... 48
Bylae C: Assesseringskriteria vir praatvaardigheid ....... 50
Bylae D: Assesseringskriteria vir daaglikse praat en interaksie ....... 51
Bylae E: Assesseringskriteria vir hardoplees ....... 53
Bylae F: Nasienskema vir opstelle ....... 54
Bylae G: Nasienskema vir korter skryfstukke/take ....... 56
Bylae H: Assesseringspuntelys vir Afrikaans Eerste Taal Graad 4 & 5 ....... 57
Bylae I: Assesseringspuntelys vir Afrikaans Eerste Taal Graad 6 & 7 ....... 58

## 1. INLEIDING

Hierdie sillabus beskryf die beoogde leeruitkomste en assessering van Afrikaans Eerste Taal in die Senior Primêre fase. As vak hoort Afrikaans Eerste Taal tot die taal- en geletterdheids leerarea in die kurrikulum, maar het tematiese skakels met ander vakke dwarsdeur die kurrikulum.

## 2. RASIONAAL

Vaardigheid in Afrikaans is noodsaaklik vir leerders om in die skool en in die wyer wêreld te kan kommunikeer, sowel as vir hul kognitiewe ontwikkeling en akademiese prestasie in ander kurrikulumvakke. Leer en ontwikkeling in Afrikaans Eerste Taal ontwikkel die vaardighede wat leerders nodig het om 'n suksesvolle lid van die samelewing te wees, om begrip en kennis te verkry van die Afrikaanse kultuur, 'n primêre begrip van die wêreld asook om uiteindelik in die wêreld van werk te kan funksioneer. 'n Besondere kenmerk van Afrikaans Eerste Taal is letterkunde. Literatuur weerspieël die ervaring van mense van verskillende kulture en eras, die bestudering van letterkunde stel leerders in staat om toegang te verkry tot die kennis van die wêreld en die plesier wat lees bied, en help hulle ook om te verstaan hoe taal werk, en hoe dit aangewend kan word vir spesifieke doeleindes en effekte.

## 3. DOELSTELLINGS

Die oorkoepelende doelstelling met die onderrig van 'n eerste taal is die ontwikkeling van die kognitiewe kommunikasievaardighede van die leerders, ter wille van betekenisvolle interaksie in 'n multi- kulturele en meertalige gemeenskap.

Die doelstellings met die onderrig van Afrikaans Eerste Taal is om:

- positiewe gesindhede teenoor die begrip vir die rol en waarde van Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde te ontwikkel;
- die verwerwing van insig in die struktuur en funksies van die eerste taal (moedertaal) te kry, sodat hulle mondelinge en geskrewe gebruik van taal gepas en vry van ernstige foute kan wees;
- kreatiwiteit te bevorder deur met taal te eksperimenteer;
- kritiese denke te bevorder deur leerders te laat ondersoek hoe taal vir spesifieke effekte en doeleindes in literêre- en inligtingstekste asook die gesproke woord gebruik word.

## 4. INSLUITENDE ONDERWYS

Insluitende onderwys is die reg van elke leerder en bevorder toegang tot, en deelname aan, die volle reeks opvoedkundige programme en dienste wat deur die onderwysstelsel in hoofstroomskole aangebied word. Dit is gebaseer op die beginsel om die diversiteit wat onder alle leerders gevind word te ondersteun en te vier, en alle hindernisse tot leer uit die weg te ruim. Die Afrikaans Eerste Taal onderwyser in die Senior Primêre fase behoort dus leerders met spesiale onderwysbehoeftes te akkommodeer deur hierdie sillabus by hulle behoeftes aan te pas deur differensiasie waar nodig, en soos aangedui in die *Kurrikulumraamwerk vir Insluitende Onderwys (2023)*. Die aanpassing vir assessering van leerders met spesiale onderwysbehoeftes moet gedoen word soos voorgeskryf in die *Handboek vir Sentrums (2022) deur die Direktoraat van Nasionale Eksamens en Assesserings (DNEA).*

Die inklusiwiteit wat in hierdie handboek voorgeskryf word, is nie net vir eksterne eksamens nie, maar is van toepassing op leerders van graad 1 tot 12.

Leerders wat so ernstig gestremd is dat hulle nie kan baat by die bywoning van hoofstroomskole nie, sal volgens hul behoeftes in leerondersteuningseenhede, hulpbroneenhede of hulpbronskole voorsien word totdat hulle, indien moontlik, by 'n hoofstroomskoolstruktuur kan aansluit.
Die inhoud van die Afrikaans Eerste Taal sillabus stel beide geslagte in staat om op gelyke vlak deel te neem. Die sillabus leen dit toe tot besprekings oor geslagsperspektiewe, insluitend manlike en vroulike perspektiewe op sekere waardes, wat sal lei tot ʼn hoër bewustheid van geslagstereotipering, asook hoe beperkings op geslagsgelykheid gestel word, en hoe om geslagsgelykheid in alle sfere van die lewe te bevorder. Onderwysers kan ook rolspel gebruik om geslagstereotipes te demonstreer en leerders leer om tekste te ontleed om te verseker dat dit vry is van geslagstereotipering.

## 5. SKAKELING MET ANDER VAKKE EN INTERKURRIKULÊRE KWESSIES

Die interkurrikulêre onderwerpe sluit in omgewingsopvoeding, MIV en Vigs, bevolkingsopvoeding, onderwys vir menseregte en demokrasie, inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) en padveiligheid. Hierdie kwessies is nie beperk tot net enkele vakke nie, maar word in al die verskillende vaksillabusse aangedui, omdat elkeen van die kwessies te doen het met spesifieke risiko's en uitdagings in die Namibiese samelewing. Daarom moet alle leerders:

- die aard van hierdie risiko's en uitdagings verstaan;
- weet watter impak dit op die samelewing en op die lewenskwaliteit het;
- verstaan hoe hierdie risiko's en uitdagings op 'n nasionale en globale vlak aangespreek kan word; en
- verstaan watter rol elkeen van hulle kan speel, in hulle eie skool en gemeenskap, in die hantering van hierdie risiko's en uitdagings.

Die hoof risiko's en uitdagings sluit die volgende in:

- die uitdagings en risiko's wat ons in die gesig staar as ons nie ons natuurlike hulpbronne behoorlik bestuur nie;
- die uitdagings en risiko's wat deur pandemies veroorsaak word (aansteeklike siektes bv. MIV en Vigs);
- die uitdagings en risiko's vir gesondheid wat veroorsaak word deur besoedeling, swak sanitasie, en rommel;
- die uitdagings en risiko's wat aan demokrasie en sosiale stabiliteit gestel word deur ongelykheid en deur 'n regering wat regte en verantwoordelikhede ignoreer;
- die uitdagings en risiko's wat ons in die gesig staar as ons nie by padveiligheidsmaatreëls hou nie; en
- die uitdagings en risiko's wat globalisering meebring.

Die voorstelle in die onderstaande tabel het ten doel om leiding te verskaf aan onderwysers oor die integrering van interkurrikulêre kwessies in hul daaglikse taalonderrig. Onderwysers kan hierdie onderwerpe en aktiwiteite aanvul of verander om te pas by die ontwikkelingsvlak en belangstellings van hul leerders.

## INTERKURRIKULÊRE KWESSIES

| INTERKURRI-KULÊRE KWESSIES | ONDERWERP | AKTIWITEITE VIR ELKE VAARDIGHEID | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | LUISTER | PRAAT | LEES | SKRYF |
| **Omgewings-opvoeding** | • waaruit bestaan ons omgewing?<br>• parke en ontspan-ning<br>• bewaring<br>• boomplantdag | • luister na 'n teks en rangskik gegewe, geskrewe inligting | • voer 'n onderhoud met 'n natuurbewaarder of 'n kenner<br>• berei 'n toespraak of debat voor oor bv. hoe om water/ elektrisiteit te bespaar; rommelstrooiing/ besoedeling te voorkom | • lees teks: bv. aanplant van plante op die skoolterrein<br>• pas woorde by korrekte betekenis uit teks terwyl jy lees | • brief van waardering aan die burgemeester van jou dorp vir sy / haar deelname o p Boom-plantdag by jou skool |
| **Bevolkings-opvoeding** | • Namibië se bevolking-samestelling<br>• Namibië se vroeë geskiedenis<br>• lewens-omstandig-hede in verskillende dele van die land | • luister na 'n voorlesing oor lewens-omstandig-hede en maak 'n regmerkie by die korrekte antwoorde<br>• luister na 'n voorlesing en beantwoord eenvoudige begripsvrae oor bevolkings-groei en lewens-verwagting in Namibië | • bespreek : vroeë Namibiese geskiedenis: invloedryke mense in die geskiedenis van Namibië<br>• debatteer: aangeleent-hede rondom die huidige bevolkingsgroei | • dra inligting oor kulturele groepe in Namibië in op 'n tabel<br>• lees 'n voorstelling oorlewens-verwagting (raadpleeg ''Social Studies' handboeke) | • ontwerp 'n plakkaat : die verskillende groepe waaruit Namibië se bevolking bestaan<br>• inligting oor te dra van kaarte na tabelle |
| **Padveiligheid** | • verant-woordelike keuses (alkohol, dwelms, medikasie)<br>• verantwoor delikhede van 'n goeie bestuurder<br>• oorsake van padongelukke<br>• padveilig-heidsveld-togte | • luister na advertensies/ tekste oor pad veiligheids-veldtogte en beantwoord vrae<br>• luister na tekste oor mense, voertuie en paaie as oorsake van ongelukke<br>• luister en bespreek verkeersverslae. | • praat oor gevolge van alkohol, dwelms en medikasie op 'n mens se vermoë om die pad veilig te gebruik<br>• bespreek aandagafleiers, soos selfone terwyl jy bestuur<br>• praat oor padveiligheids-maatreëls as voetgangers, fietsryers en passasiers in voertuie | • lees artikels met statistieke oor ongelukke wat deur menslike foute veroorsaak is<br>• lees gedeeltes oor die gedrag en houding van 'n goeie bestuurder en padgebruiker | • skryf 'n brief aan die redakteur oor verkeers-probleme in jou area<br>• soek inligting op die internet oor faktore wat tot motor-ongelukke bydra en skryf 'n artikel oor padveiligheid in jou area<br>• skryf 'n drama as 'n groep en voer dit voor mede-leerders op, as deel van 'n padveiligheids -veldtog |

| INTERKURRIKULêre KWESSIES (vervolg) | ONDERWERP | AKTIWITEITE VIR ELKE VAARDIGHEID | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **LUISTER** | **PRAAT** | **LEES** | **SKRYF** |
| **Menseregte en demokrasie** | • Die bevordering van vrede<br>• Verstaan kulturele diversiteit<br>• Regte en verantwoordelikhede<br>• Dag van die Afrika-kind | • luister na tekste oor regte en verantwoordelikhede en voltooi verskillende take (bv. Waar / onwaar, passing, kort antwoord aktiwiteite, ens.) | • praat oor verskillende kulture (taal, kleredrag, kos, ens.)<br>• praat oor regte en verantwoorde likhede (handves / grondwet)<br>• bespreek die Wet op Opvoeding nr. 3 van 2020 deel 9 (1)<br>- verpligte skoolbywoning | • vluglees verskillende tekste en identifiseer voorbeelde van geweld in elkeen<br>• lees verhale waaruit inligting oor bepaalde agtergrond afgelei kan word (bv. waar / onwaar, passing, kort en langer antwoord aktiwiteite, ens.) | • skryf notas oor jou as vredemaker<br>• skryf 'n brief oor vieringe by jou skool<br>• skryf oor jouself<br>• skryf oor wedersydse respek (kulture / tradisies) |
| **MIV en VIGS** | • leef positief met MIV en Vigs<br>• voorkoming van infeksie<br>• regte van MIV-positiewe mense en die geaffekteerdes | • luister na ŉ teks en beantwoord waar/onwaar vrae<br>• luister na inligting uit 'n video/storie oor MIV-positiewe mense en organiseer ŉ mengelmoes van deurmekaar sinne. | • voer ŉ onderhoud met 'n plaaslike gesondheidswerker oor bepaalde aspekte rondom MIV en Vigs, versamel inligting (klas-aktiwiteite)<br>• debatteer, bv. die vraag of dit goed is om te weet wat jou MIV-status is | • vluglees ŉ teks vir voorkomende maatreëls<br>• oordrag van inligting: kaart van bevolkingsensus, die lewensverwagting in verskeie streke in Namibië | • dra data oor die voorkoms van MIV en Vigs in op ŉ tabel/ voorstelling wat tydens ŉ praat-aktiwiteit ingesamel is<br>• ontwerp plakkate om boodskappe van voorkoming oor te dra<br>• beantwoord vrae oor 'n radiopraatjie/ klankopname en skryf ŉ feitelike opstel |

## 6. ONDERRIG-LEER-BENADERING

Die onderrig-leer-benadering is leerdergerig soos voorgeskryf in ministeriële beleidsdokumente en ’n leerdergerigte konsepraamwerk. Hierdie benadering verseker die optimale gehalte van leer indien sekere beginsels nagekom word.

Die doel is om leer met begrip te ontwikkel en om die kennis, vaardighede en gesindhede wat nodig is om ’n bydrae tot die gemeenskap te kan lewer. Die vertrekpunt vir onderrig en leer is die magdom van kennis en sosiale ervarings wat elke leerder na die skool bring. Onderrig en leer in die skool moet elke leerder se bestaande kennis en ervaring verbreed, ontwikkel en uitdaag.

Leerders leer die beste wanneer hulle aktief by die leerproses betrokke is deur 'n hoë mate van deelname, bydrae en produksie. Terselfdertyd moet die onderrig-leer-benadering voorsiening maak vir die feit dat elke leerder 'n individu is met sy/haar eie behoeftes, tempo van leer, ervarings en vermoëns. Die onderwyser moet in staat wees om die behoeftes van die leerders te peil, die aard van die leer wat nog moet plaasvind te identifiseer en dan die leerervaring dienooreenkomstig te beplan. Daarom moet onderrigstrategieë buigsaam wees in ‘n goed beplande reeks lesse wat verkieslik rondom temas beplan word.

**Onderrig benaderings in Afrikaans Eerste Taal**

As Afrikaans Eerste Taal onderrig word, moet die onderwyser leerders motiveer om te lees en te skryf deur outentieke materiaal te gebruik, om verbindings te maak met die leerders se ervaringswêreld. Skep 'n atmosfeer in die klaskamer waar leerders foute kan maak sonder vrees en dat leerders met mekaar en met tekste kan kommunikeer. As die taalkenner moet onderwysers die korrekte gebruik van standaard Afrikaans in spraak en skryf modelleer. Hulle moet ook leesbegripstrategieë modelleer, onderrig begrip van teksstrukture leer en uitdruklik aandag gee aan woordeskatontwikkeling.

**Die onderrig van Afrikaans Eerste Taal moet ’n bewustheid kweek van die feit dat daar ’n standaardvorm van die taal is wat toepaslik is in skryfwerk en meer formele situasies. Die gesproke vorm van die taal sluit ’n reeks variëteite in, nie net in terme van dialekte nie, maar ook wat betref baie formele en hoflike taal, asook informele taal en ‘*slang’.***

Taalvaardighede moet op 'n geïntegreerde manier aangebied word, bv. om leesbegrip te verbeter, behels nie net lees nie, maar skryf, praat, luister/kyk, hoërorde denke, kennis van taal en woordeskat en metakognitiewe vaardighede (om bewus te wees van hoe jy leer). Grammatikabeginsels of nuwe woordeskat moet eers in konteks bekendgestel word, dan eksplisiet onderrig en beoefen word en daarna moet leerders die geleentheid kry om hul kennis te konsolideer deur die beginsel toe te pas, of die grammatikabeginsel of nuwe woordeskat in konteks te gebruik. Onderwysers moet ook lang verduidelikings vermy, maar eerder stap-vir-stap demonstrasies gee van hoe om 'n beginsel toe te pas, bv. 'n leesbegripstrategie.

Literatuur is 'n noodsaaklike komponent van Afrikaans Eerste Taal en die onderwyser moet die waardering en genot van alle genres en 'n begrip van skrywers se taalgebruik om doelbewus spesifieke effekte of indrukke te skep, bevorder. Dit is belangrik dat die klaskamer ’n ryk taalomgewing moet bied, veral ten opsigte van die geskrewe en gedrukte vorm. Elke klaskamer behoort ’n leeshoekie te hê met gepubliseerde boeke, wat feite oor verskillende onderwerpe, stories, gedigte en inligting oor bekende skrywers van kinderliteratuur, bevat. **Verder behoort die leerders se eie kreatiewe skryfwerk en geannoteerde plakkate, ook wat die leerders self maak, in die klaskamer uitgestal te word**.

Die onderwyser moet ŉ wye verskeidenheid metodes gebruik om die genot van literatuur te stimuleer, bv. deur leerders toe te laat om ŉ uittreksel op te voer, of koorlees van ŉ gedig, of om ŉ Namibiese akteur te nooi om ŉ gedig voor te dra of ŉ kort optrede vir die klas te hou. ŉ **Wye verskeidenheid onderrigmedia behoort gebruik te word om besprekings uit te lok: rolspel, kreatiewe skryfwerk, uitsendings deur plaaslike radiostasies, prente sonder byskrifte, plaaslike gebeure uit Afrikaanse koerante en kinderliteratuur.** Om leerders te help om poësie te waardeer en te geniet, moet onderwysers hulle lei om die inhoud te verstaan en die taal, beelde en ander literêre kenmerke te identifiseer wat gebruik word om spesifieke effekte te skep. Leerders kan ook gedigte memoriseer waarvan hulle hou en moet gelei word tot die vermoë om te lees, of op te sê met uitdrukking met interpretasie van die betrokke emosies. Onderwysers wat goed vertroud is met die afrigting van 'n spreekkoor (koorlees) word aangemoedig om hierdie vaardigheid in die klaskamer te gebruik, want dit voeg gewoonlik genot by die poësieles.

Die onderwyser moet ook aandag gee aan die ontwikkeling van kritiese denkvaardighede, wat sentraal staan in alle taalaktiwiteite, bv. strategiese lees, skryf om te leer, bespreking, debatvoorbereiding, ondervraging van die skrywer, vraag-en-antwoord-verhoudings, hardop dink en wederkerige onderrig. Leerders moet denkers word wat konsepte begryp en toepas, daarom moet onderwysers nie net vrae vra wat kennis toets nie, maar ook hoëorde-denkvrae vra wat leerders aanmoedig om te integreer, interpreteer, kritiseer en evalueer wat hulle lees en leer. Tyd vir selfassessering en besinning is ŉ belangrike finale stap vir vaslegging van kennis.

Die onderwyser moet met betrekking tot die spesifieke doelwitte wat bereik moet word, besluit: wanneer dit die beste is om inhoud direk oor te dra, wanneer dit die beste is om leerders self inligting te laat ontdek of te verken, wanneer gerigte leeraktiwiteite nodig is, wanneer vaslegging of verryking nodig is, wanneer daar ŉ spesifieke opeenvolging van vaardighede of inligting is wat gevolg moet word, of wanneer leerders toegelaat kan word om self te besluit hoe hulle ŉ onderwerp wil aanpak.

Na aanleiding van die behoefte kan die klas op verskillende wyses georganiseer word: leerders kan individueel werk, in pare, in groepe of as ŉ klasgroep. Gesamentlike leer moet so ver as moontlik aangemoedig word, met die onderwyser as fasiliteerder en nie as bron van kennis nie. Die groepering wat gekies word, sal afhang van die spesifieke aktiwiteit. Wedersydse ondersteuning en samewerking tussen groepe behoort aangemoedig te word. Om dit te bewerkstellig, moet opdragte so beplan word dat paar-en groepwerk nodig is om dit uit te voer, anders is groepwerk vir leerders irrelevant. Aangesien die leerders in hierdie fase reeds bepaalde persoonlike, sosiale en kommunikatiewe vaardighede ontwikkel het, moet hulle onder leiding van die onderwyser, toenemend meer by die beplanning en evaluering van hulle werk betrek word.

## 7. VAARDIGHEDE AAN DIE EINDE VAN DIE SENIOR PRIMÊRE FASE

Bestudeer die vaardighede wat leerders aan die einde van die Junior Primêre sillabus moes bemeester voordat hulle met die Senior Primêre fase kan begin.

Leerders sal in die Senior Primêre fase aangeleerde vaardighede wat reeds in die Junior Primêre fase opgedoen is, versterk en uitbrei, maar ook vereiste nuwe vaardighede en kennis van die Afrikaanse taal opdoen. Hierdie sillabus is noodsaaklik en dui die minimum vlak van vaardigheid aan wat leerders aan die einde van elke graad in die Senior Primêre fase behoort te bereik. Onderwysers moet hulle leerders ver verby die minimum vlakke neem waar enigsins moontlik is.

**Deur gereelde blootstelling aan ryk vorme van kommunikasie, sal leerders toenemend bewus word van korrekte en betekenisvolle taal en die korrekte gebruik van grammatikale strukture. Ten einde groei en ontwikkeling in die taal soveel as moontlik aan te help, is dit belangrik dat die taalvaardighede geïntegreerd onderrig word**.

'n Paar leerders sal dalk nie al die vaardighede bevredigend kan bemeester nie en moet leerondersteuning ontvang deur aangepaste onderrigbenaderings, aangepaste materiaal en bystand van portuurgroepe. 'n Klein aantal leerders het uitdagende onderwysbehoeftes wat meer individuele aandag, hulpbronne of assessering vereis. Ander kan moontlik gestremdhede het wat nie noodwendig kognitiewe en affektiewe leer en ontwikkeling beperk nie, bv. gesiggestremdes, gehoorgestremdes en fisies gestremdes.

Na voltooiing van die Senior Primêre fase word daar van leerders verwag om die Afrikaanse taalvaardighede soos hieronder beskryf, te bemeester.

**Met betrekking tot luister, kyk en praat, behoort leerders in staat te wees om**:

- aandagtig na 'n verskeidenheid mondelinge tekste te luister en gepaste houdings en gedrag te toon. Hulle gebruik 'n voldoende reeks van vaardighede en strategieë om betekenis uit mondelinge tekste te verwerk en te evalueer, om toepaslik te reageer en begrip en waardering te toon.
- effektief en met selfvertroue te kommunikeer deur hulle spraakvermoë by 'n verskeidenheid van kontekste en kommunikatiewe doeleindes aan te pas. Hulle uitspraak is korrek en demonstreer 'n goeie beheer van gesproke grammatika, inligting, menings en idees te selekteer en te organiseer en vlot, gefokus en logies aan te bied. Hulle pas basiese praat- en verteenwoordigingsvaardighede en -strategieë toe soos toepaslik vir funksioneel en kreatiewe mondelinge doeleindes en vir 'n verskeidenheid bekende gehore.
- effektief deel te neem in 'n reeks samewerkende besprekings oor ouderdomsgeskikte onderwerpe, demonstreer toepaslike interaksionele vaardighede en strategieë, waarneming van sosiale konvensies en etiket in kommunikasie.

**Met betrekking tot lees en skryf, behoort leerders in staat te wees om:**

- graadvlak tekste stilweg en hardop met akkuraatheid, vlotheid en begrip te lees.
- 'n verskeidenheid van hoë gehalte, graadvlak literêre en inligtingstekste uit gedrukte, nie-gedrukte en elektroniese bronne met begrip te lees.
- inligtings- en literêre tekste met 'n mate van kritiese denke te analiseer, basiese teksstrukture en 'n reeks literêre kenmerke te identifiseer, sommige van die skrywer se skryfkuns te beskryf, letterlike en inferensiële betekenis te verduidelik en hoe om woordeboekbetekenis in konteks te gebruik.
- taal met 'n mate van kreatiwiteit, en die vervaardiging van verhalende en beskrywende tekste van ten minste een bladsy te gebruik. Hulle skryfwerk demonstreer 'n goeie beheer van taal en spelreëls.
- 'n verskeidenheid korter geskrewe tekste vir 'n reeks kreatiewe, persoonlike en funksionele doeleindes te skep, deur die korrekte formaat en toepaslike register en toon waar van toepassing, te gebruik.

- **Met betrekking tot grammatika en woordeskat, behoort leerders in staat te wees om:**

- die algemene konvensies van grammatika en die gebruik daarvan in geskrewe of gesproke taal toe te pas.

- die korrekte grammatikale terme om oor die taal te praat, wat in die fase onderrig word, te gebruik.

- baie bekende en minder bekende idiomatiese uitdrukkings en beeldspraak korrek en met gemak in geskrewe of gesproke te gebruik.

- akkuraat en met gemak ŉ reeks algemene, akademiese en domeinspesifieke woorde en frases wat voldoende is vir lees, skryf, praat en luister op die Junior Sekondêre skoolgereedheidsvlak te gebruik.

- 'n beduidende reeks algemene, akademiese en domeinspesifieke woorde korrek te spel en uit te spreek.

## 8. SAMEVATTING VAN DIE LEERINHOUD

### Luister en praat

Die doel met luisteronderrig is om fonologiese vaardighede (woordherkenning) te ontwikkel, woordeskat (insluitend stylfigure) te verryk, ŉ aanvoeling vir korrekte sinstruktuur te ontwikkel, kennis van die wêreld, kulture en taalgebruik in verskillende kontekste op te doen. Daarom moet luistertekste wat gebruik word, van so ŉ aard wees dat dit leerders uitdaag ten opsigte van ŉ verskeidenheid sprekers se uitdagende woordeskat en sinskonstruksie, rangskikking, figuurlike taalgebruik en verskillende style. Waar moontlik, moet oudiovisuele tekste soos uittreksels uit films en dokumentêre programme en TV-advertensies ook gebruik word.

Die spesifieke doelstellings met praatonderrig sluit die volgende in: oordra van inligting, gevoelens en idees, die beplanning en aanbieding van verskillende tipes praatjies en voordragte, asook betekenisvolle deelname aan groep- en klasgesprekke.

### Lees en skryf

Leesonderrig behels nie net die ontwikkeling van stilleesvaardighede en die vermoë om hardop voor te lees nie, maar ook die lees van letterkunde en die gebruik van naslaanbronne. (Vind ŉ uitgebreide beskrywing van inligtingstekste in die Woordverklaring.)

Leerders behoort 'n verskeidenheid tekste vir genot en inligting te lees ten einde kennis en 'n begrip van die wêreld en van verskillende kulture te verkry, om leesvlotheid en -begrip te verhoog, om hul woordeskat te verryk en 'n sin korrekte sinskonstruksie te ontwikkel. Deur blootstelling aan verskeie vorme van taal in gebruik, sal leerders ook toenemend meer bewus word van korrekte en betekenisvolle taal en die korrekte gebruik van grammatikale strukture.

Beide fiksie en nie-fiktiewe tekste moet van goeie gehalte wees, d.w.s interessant en boeiend om ruimte te bied vir leerders om die taal en struktuur te verken en temas en idees te ontleed. Onderwysers moet toesien dat ŉ verskeidenheid tekste in hierdie fase bestudeer word, deur ŉ keuse te maak van Namibiese, Afrika en internasionale stories, gedigte en dramas asook beide kontemporêre en klassieke tekste. Die skool moet ook aktiwiteite

aanbied wat lees inspireer, bv. Boekweek, Poësiedag, Leesmarathons en besoeke aan biblioteke.

Die onderrig van skryf sal aan leerders die geleentheid gee om taal te gebruik om idees en gevoelens skriftelik weer te gee, die belangrikheid van korrekte spelling en leestekens te leer en te besef dat die gehoor en doel van ŉ skryfstuk nie net die inhoud daarvan bepaal nie, maar ook die styl waarin dit geskryf is. Skryftake moet ouderdomsgepas wees, en 'n kritiese bewustheid van die proses van skryf moet aangemoedig word deur middel van, onder andere, portuurassessering en selfassessering. Dit is ook belangrik dat leerders die verskil tussen gesproke en geskrewe taal verstaan. Alle Eerste Taal leerders se vaardighede in die skriftelike gebruik van die taal moet goed ontwikkel word, maar dit moet ook ŉ genotvolle ervaring wees. In die Senior Primêre fase behels opstelskryf hoofsaaklik die skryf van verhalende opstelle, deur ŉ verskeidenheid gepaste onderwerpe, bv. die oorvertel van fabels en stories uit die geskiedenis, belangrike gebeure in hulle eie asook die lewens van ander, biografieë, geheimenisse en avonture. Die leerders moet die spesifieke eienskappe van elke soort vertelling aanleer.

**Grammatika en taalgebruik**

Die hoofdoel met die onderrig van grammatika en taalgebruik is om te verseker dat ŉ behoorlike grondslag gelê word in die basiese taalreëls sodat leerders dit in hul mondelinge en skriftelike gebruik van die taal kan toepas. ŉ Wye woordeskat en kennis van die idiome van die taal moet ontwikkel word. Leerders moet ook geleidelik toepaslike grammatikale terme leer ken en gebruik. Al word hierdie vaardighede apart aangedui om dit duidelik te omskryf, moet dit nie in isolasie onderrig word nie. Verskillende taalvaardighede word in die praktyk nie in isolasie gebruik nie, maar wel in verskillende kombinasies. In die taalklas moet dieselfde natuurlike groepering van taalvaardighede soos in die werklike lewe, geïntegreerd onderrig word.

## 9. LEERINHOUD

Alhoewel die spesifieke doelstellings op die oog af dieselfde lyk vir verskillende grade, moet dit in meer diepte onderrig word in elke opeenvolgende graad. Die verskeidenheid en tipes tekste wat gebruik word, moet van so 'n aard wees dat dit by die leerders se ontwikkelingspeil en belangstelling pas en bespreking stimuleer.

### 9.1 Luister en praat

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Luister**<br>1. aandagtig na 'n wye reeks verbeeldingryke en insiggewende mondeling en/of oudiovisuele tekste luister en toepaslik en konstruktief reageer | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondelinge en/of oudiovisuele denkbeeldige tekste (opvoerings, toneelstukke, fabels, sprokies, liedjies):<br>• stories oor te vertel<br>• betekenisvolle woorde of frases te herroep<br>• karakters en opset te identifiseer<br>• basiese gevoelens te herken | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondeling en/of oudiovisuele literêre of ander denkbeeldige tekste:<br>• hoof - en ondersteunende idees te identifiseer<br>• probleem en oplossing te identifiseer<br>• karakters en opset te identifiseer<br>• gevoelens en emosies van karakters in stories te herken en te bespreek<br>• volgorde van gebeure te herken<br>• oorsaak en effek te identifiseer | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondeling en/of oudiovisuele literêre of ander denkbeeldige tekste:<br>• die gehoor en tema te bepaal<br>• identifiseer sommige elemente wat plot, karakter en opset vasstel<br>• emosies en houdings te bespreek<br>• woorde en stemtoon van die spreker te identifiseer<br>• 'n persoonlike mening, ondersteun deur argumente te kan weergee | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondelinge en/of oudiovisuele literêre of ander denkbeeldige tekste:<br>• die gehoor/ tema en/of boodskap te bepaal<br>• eksplisiete en geïmpliseerde betekenisse in tekste te onderskei<br>• identifiseer en bespreek spesifieke elemente wat karakter en omgewing vasstel<br>• identifiseer en lewer kommentaar oor bewoording en stemtoon<br>• identifiseer en lewer kommentaar op die emosies, bedoelings en houding van die spreker in tekste soos toneelstukke en stories |

## 9.1 Luister en praat (vervolg)

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Luister**<br>1. aandagtig na 'n wye reeks verbeeldingryke en insiggewende mondeling en/of oudiovisuele tekste luister ... (vervolg) | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondelinge en/of oudiovisuele denkbeeldige tekste (vervolg):<br><br>• ouditiewe en visuele leidrade wat begrip of waardering in oudiovisuele tekste of opvoerings verbeter, te identifiseer en te interpreteer | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondeling en/of oudiovisuele literêre of ander denkbeeldige tekste (vervolg):<br>• ouditiewe en visuele leidrade wat begrip of waardering in oudiovisuele tekste of opvoerings verbeter, te identifiseer en te interpreteer<br><br>• gebruik van musiek en klankeffekte in voordragte, uitvoerings en/of oudiovisuele tekste te identifiseer en te bespreek | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondeling en/of oudiovisuele literêre of ander denkbeeldige tekste (vervolg):<br><br>• voldoende ouditiewe en visuele leidrade wat begrip of waardering in oudiovisuele tekste of opvoerings verbeter, te identifiseer en interpreteer<br><br>• gebruik van musiek, klankeffekte en nie-verbale leidrade in voordragte, uitvoerings en/of oudiovisuele tekste te identifiseer en te bespreek | In gedigte en 'n verskeidenheid van kort mondeling en/of oudiovisuele literêre of ander denkbeeldige tekste (vervolg):<br><br>• voldoende ouditiewe en visuele leidrade wat begrip of waardering in oudiovisuele tekste of opvoerings verbeter, te identifiseer en interpreteer<br><br>• tegnieke wat in voordragte, opvoerings en/of oudiovisuele tekste gebruik word om 'n verskeidenheid effekte te bereik, te identifiseer en te ontleed |

## 9.1 Luister en praat (vervolg)

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Luister**<br>1. aandagtig na 'n wye reeks verbeeldingryke en leersame mondelinge en/of oudiovisuele tekste luister... (vervolg) | In kort mondelinge en/of oudiovisuele inligtingstekste:<br>• feite te identifiseer<br>• instruksies en aanwysings te herken en uit te voer<br>• diktee van ongeveer vier tot sewe enkelvoudige en saamgestelde sinne te skryf | In kort mondelinge en/of oudiovisuele inligtingstekste:<br>• feite uit tekste te haal en met bewyse te staaf<br>• gedetailleerde instruksies en aanwysings akkuraat uit te voer<br>• geloofwaardigheid van die boodskap/spreker en advertensies wat op jong kinders gerig is, te bepaal<br>• diktee van ongeveer vier tot sewe enkelvoudige en saamgestelde sinne te skryf | In kort mondeling en/of oudiovisuele inligtingstekste:<br>• feite uit tekste te haal en met bewyse te staaf<br>• tussen feit en menings te onderskei<br>• gedetailleerde instruksies en aanwysings akkuraat uit te voer<br>• geloofwaardigheid van die boodskap/spreker en advertensies wat op jong kinders gerig is, te bepaal<br>• eienskappe van bekende mondelinge tekste, bv. volksverhale te beskryf<br>• verskillende sienings, bv. in 'n debat, te identifiseer | In 'n verskeidenheid van mondeling en/of oudiovisuele inligtingstekste:<br>• 'n spreker se argument te beskryf en tussen feite en menings te onderskei<br>• uitdagende instruksies en aanwysings akkuraat uit te voer<br>• eienskappe van 'n verskeidenheid van mondelinge tekste te beskryf (bv. weervoorspellings en nuusuitsendings)<br>• emosies en houdings in gesprekke,debatte en praatjies te herken<br>• krities kommentaar op oortuigende boodskappe in die media te lewer |

## 9.1 Luister en praat (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Luister**<br>1. aandagtig na 'n wye reeks verbeeldingryke en insiggewende mondeling en/of oudiovisuele tekste te luister ... (vervolg) | | | • idees uit mondelinge tekste te parafraseer en gestruktureerd en duidelik aan te bied<br>• diktee van ongeveer tien tot vyftien sinne te skryf | • verskillende soorte taal te herken (formeel en informele taal)<br>• diktee van ongeveer tien tot vyftien sinne te skryf |
| | | In kort mondelinge en/of oudiovisuele inligtingstekste (vervolg):<br>• kenmerke van taal herken en vir 'n spesifieke gehoor en/of doel gebruik<br><br>• bekende Afrikaanse woorde en *slang* te herken<br><br>• gebruik van visuele en/of klankeffekte in radio- en/of TV-advertensies en plakkate te bespreek | In kort mondelinge en/of oudiovisuele inligtingstekste (vervolg):<br>• oorredingstegnieke en misleidende inligting in oorredingsboodskappe (bv. in die media) te herken en kommentaar daarop te lewer<br><br>• bekende Afrikaanse woorde en *slang* te herken<br><br>• gebruik van musiek, klankeffekte en nie-verbale leidrade (bv. kleur, keuse van kleur en visuele beelde) in radio- en/of TV-advertensies, | In 'n verskeidenheid van mondeling en oudiovisuele inligtingstekste (vervolg):<br>• oorredingstegnieke en misleidende inligting in oorredingsboodskappe (bv. toesprake, praatjies en die media) te herken en kommentaar daarop te lewer<br><br>• bekende Afrikaanse woorde en *slang* te herken en redes te vind oor die gebruik hiervan<br><br>• tegnieke wat in oudio/visuele tekste gebruik word om 'n verskeidenheid doeleindes te bereik (bv. beelde, klankeffekte, kleur) te identifiseer en te ontleed |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | dokumentêre en ander oudio-/visuele aanbiedings te identifiseer en te bespreek | • woorde, lyftaal en stemtoon aan te dui wat bedoelings en houdings van sprekers uitdruk. Dit sluit aspekte in soos humor of die trant formeel of minder formeel is ens.<br><br>• ‘n spreker se hoofpunte en idees te herken en ondersteunende detail en voorbeelde te vind in tekste soos kort toesprake<br><br>• ander persone se gevoelens en menings te herken en te respekteer. |

## 9.1 Luister en praat (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Praat**<br>2. met selfvertroue kommunikeer en effektief in beide formele en informele situasies goeie gebruik van standaard Afrikaans demonstreer | • daagliks Afrikaans vlot, met presiese intonasie en die standaard uitspraak te praat<br>• duidelik en samehangend in bekende situasies te kommunikeer<br>• gepaste woordeskat te gebruik om te sosialiseer, oor te vertel, te verduidelik, om verskoning en bedankings aan te bied, versoeke te rig en tot gevolgtrekkings te kom | • daagliks Afrikaans vlot, met presiese intonasie en die standaard uitspraak te praat<br>• duidelik en samehangend in bekende, formele en informele situasies te kommunikeer<br>• gepaste woordeskat te gebruik om te vermaak, navraag te doen, beskrywings te gee, demonstrasies te lewer, in volgorde te rangskik, instruksies te gee en te vergelyk | • daagliks Afrikaans vlot, met presiese intonasie en die standaard uitspraak te praat<br>• duidelik, samehangend en met toenemende selfvertoue in bekende en sommige onbekende kontekste te kommunikeer<br>• gepaste woordeskat te gebruik om te definieer, te verduidelik, te evalueer, te bespiegel, te veralgemeen, te interpreteer, op te som, te vergelyk en te kontrasteer | • daagliks Afrikaans vlot, met presiese intonasie en die standaard uitspraak te praat<br>• duidelik, samehangend en met toenemende selfvertoue in redelik uitdagende kontekste te kommunikeer<br>• gebruik die korrekte taal om uit te brei, te klassifiseer, te argumenteer en te rapporteer |

## 9.1 Luister en praat (vervolg)

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Praat**<br>2. met selfvertroue kommunikeer en effektief in beide formele en informele situasies goeie gebruik van standaard Afrikaans demonstreer (vervolg) | • gepaste woordeskat en sinsbou te gebruik om idees en ervarings duidelik te kommunikeer | • gepaste woordeskat, sinsbou en voegwoorde te gebruik om idees, ervarings en opinies duidelik te kommunikeer | • spesifieke woordeskat, sintaksis en voegwoorde te gebruik om idees, ervarings en opinies effektief te kommunikeer | • spesifieke woordeskat, sintaksis en voegwoorde te gebruik om meer gesofistikeerde idees, ervarings en opinies effektief te kommunikeer |
| | • idiomatiese taal in konteks te gebruik<br><br>• vra vir en verskaf inligting | • idiomatiese taal in konteks te gebruik<br><br>• vra vir en verskaf inligting en aanwysings | • idiomatiese taal en stylfigure in konteks te gebruik<br><br>• vra vir en verskaf inligting, aanwysings en instruksies | • idiomatiese taal en stylfigure korrek en effektief in konteks te gebruik<br><br>• vra vir en verskaf inligting, aanwysings, instruksies en gee demonstrasies |

## 9.1 Luister en praat (vervolg)

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Praat**<br>3. inligting, gevoelens en idees vlot, presies en in logiese volgorde oor te dra, geskik vir die doel en gehoor | • mondelinge aanbiedings vir 'n verskeidenheid doeleindes en bekende kontekste te beplan<br>• gepaste inhoud vir die gehoor en doel van die aanbieding te kies<br>• inhoud van 'n praatjie logies uiteensit met 'n inleiding en slot<br>• mondelinge aanbiedings te repeteer en te lewer deur die gebruik van verbale en nie-verbale tegnieke om te probeer om die gehoor te betrek | • mondelinge aanbiedings vir 'n verskeidenheid doeleindes en bekende kontekste te beplan<br>• gepaste taal, inhoud en visuele aanbiedings te kies vir die gehoor<br>• inhoud van 'n praatjie logies uiteensit met 'n duidelike inleiding en slot<br>• mondelinge aanbiedings te repeteer en logies oor te dra deur die gebruik van verbale en nie-verbale tegnieke om te probeer om die gehoor te betrek | • mondelinge aanbiedings vir 'n verskeidenheid doeleindes en bekende en sommige onbekende kontekste te beplan<br>• gepaste taal, inhoud en tegnologie te kies vir die gehoor<br>• inhoud van 'n praatjie logies uiteen te sit met 'n interessante inleiding, relevante besonderhede wat die hooftema ondersteun en 'n duidelike slot<br>• mondelinge aanbiedings te repeteer en gefokus, logies oor te dra deur die gebruik van verbale en nie-verbale tegnieke om te probeer om die gehoor te betrek | • mondelinge aanbiedings vir verskillende doeleindes en gehore te beplan<br>• gepaste taal, inhoud en tegnologie te kies vir die gehoor<br>• inhoud van 'n praatjie doelgerig logies uiteen te sit met 'n interessante inleiding, gefokusde besonderhede, feite en voorbeelde en 'n duidelike slot om die aandag van die gehoor vas te vang<br>• mondelinge aanbiedings te repeteer en gefokus, logies oor te dra deur die gebruik van geskikte verbale en nie-verbale tegnieke om te probeer om die gehoor te betrek |

## 9.1 Luister en praat (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Praat**<br>4. effektief en beleefd in 'n reeks samewerkende besprekings oor ouderdomsgepaste onderwerpe en kwessies deel te neem | • toepaslike interaksievaardighede te demonstreer deur<br>- by te dra tot gesprekke en besprekings<br>- kommentaar te weerhou<br>- inligting en idees te deel<br>- ander se gevoelens in ag te neem<br>- redes vir argumente te verskaf<br><br>• respekvol, positief en sensitief na ander te luister | • toepaslike interaksievaardighede te demonstreer deur<br>- deel te neem aan en by te dra tot besprekings<br>- kommentaar te weerhou<br>- te verklaar<br>- ander se gevoelens in ag te neem<br>- standpunt in te neem en dit te verdedig<br>- uitdagings te aanvaar<br><br>• belangstellend en respekvol, positief en sensitief na ander te luister | • toepaslike interaksievaardighede te demonstreer deur<br>- deel te neem aan en by te dra tot besprekings<br>- kommentaar te weerhou<br>- te verklaar<br>- redenasie, ondersoek, verkenning en oortuiging<br>- uitdagings te aanvaar<br><br>• sosiaal- aanvaarbaar, respekvol, positief en sensitief na ander te luister | • toepaslike interaksievaardighede te demonstreer deur<br>- redenasie, ondersoek, en oortuiging<br>- kommentaar te weerhou<br>- te verklaar<br>- kritiek en uitdagings te aanvaar<br><br>• sosiaal- aanvaarbaar, respekvol, positief, sensitief en kultuurbewus na ander te luister |

## 9.2. Lees en Skryf

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Lees**<br>1. hardop en stil met akkuraatheid, vlotheid en begrip voorbereide graadvlak prosa, poësie en inligtingstekste lees | • korrekte stembuiging en uitdrukking wat begrip van die teks oordra, te gebruik<br>• woorde korrek uit te spreek<br>• korrek op alle leestekens te reageer<br>• 130 tot 150 woorde per minuut stil te lees<br>• bewys te lewer van fiksie en nie-fiksie wat hulle stil en onafhanklik lees vir kennis en genot<br>• verskeie leesbegripstrategieë toe te pas om hul begrip te verbeter (sien Bylae B) | • korrekte stembuiging en uitdrukking wat begrip van die teks oordra, te gebruik<br>• woorde korrek uit te spreek<br>• met toepaslike volume en spoed te lees en te stop waar nodig<br>• 150 tot 160 woorde per minuut stil te lees<br>• bewys te lewer van fiksie en nie-fiksie wat hulle stil en onafhanklik lees vir kennis en genot<br>• verskeie leesbegripstrategieë toe te pas om hul begrip te verbeter (sien Bylae B) | • uitdrukking te gebruik om die gehoor te vermaak en die betekenis van die teks oor te dra<br>• woorde korrek uit te spreek<br>• die sleutelkenmerke en organisering van verskillende soorte tekste te beskryf<br>• 160 tot 175 woorde per minuut stil te lees<br>• bewys te lewer van 'n reeks van fiksie en nie-fiksie wat hulle stil en onafhanklik lees vir kennis en genot<br>• 'n reeks leesbegripstrategieë toe te pas (sien Bylae B)<br>• met klem, toonhoogtevariasies, stembuiging, koers en met tussenposes betekenisvol te lees | • uitdrukking te gebruik om die gehoor te vermaak en die betekenis van die teks oor te dra<br>• woorde korrek uit te spreek<br>• die sleutelkenmerke en organisering van verskillende soorte tekste te beskryf<br>• 175 tot 185 woorde per minuut stil te lees<br>• bewys te lewer van 'n reeks van fiksie en nie-fiksie wat hulle stil en onafhanklik lees vir kennis en genot<br>• 'n reeks leesbegripstrategieë toe te pas (sien Bylae B)<br>• met klem, toonhoogtevariasies, stembuiging, koers en met tussenposes betekenisvol te lees |

## 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Lees**<br>1. hardop en stil met akkuraatheid, vlotheid en begrip voorbereide graadvlak prosa, poësie en **inligtingstekste** lees ... (vervolg) | • doel en teikengehoor van verskillende soorte tekste te identifiseer | • verskillende strukture, doeleindes en teiken-gehore van verskillende tekste te identifiseer<br>• eenvoudige literêre begrippe te identifiseer **(stylfigure)**<br>• gegewe inligting in meer komplekse grafiese voorstellings (tabelle / kaarte / illustrasies) te interpreteer en die inligting in 'n ander vorm te weergee | • verskillende strukture, taalgebruik, doeleindes en teikengehore van verskillende tekste te identifiseer<br>• eenvoudige literêre begrippe te identifiseer **(stylfigure)**<br>• gegewe inligting in grafiese tekste (tabelle/ grafieke / streep- en lyngrafieke) te interpreteer en te analiseer en die inligting in 'n ander vorm te weergee<br>• tegnieke te identifiseer wat gebruik word om effek te skep in die gebruik van tegnologiese/ visuele tekste | • sleutelkenmerke en organisering van verskillende soorte tekste te beskryf<br>• gebruik van taal te identifiseer en kommentaar daarop te lewer deur eenvoudige literêre begrippe<br>• gegewe inligting in grafiese tekste (tabelle/ grafieke / streep- en lyngrafieke) te interpreteer en te analiseer en die inligting in 'n ander vorm te weergee<br>• doel, register, gehoor en konteks van 'n teks te beskryf |

### 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Lees**<br>1. hardop en stil met akkuraatheid, vlotheid en begrip voorbereide graadvlak prosa, poësie en inligtingstekste lees ... (vervolg) | • inligting en sleutelwoorde in gelese tekste te identifiseer<br><br>• spesifieke inligting in tekste te soek<br><br>• afleidings te maak van georganiseerde tekste, bv. opskrifte en sub-opskrifte verbind 'n stelling met ondersteunende bewyse | • inligting te identifiseer deur die gebruik van vluglees<br><br>• algemene en spesifieke inligting op eksplisiete en implisiete vlak uit te haal<br><br>• tekste wat opeenvolgend of in chronologiese volgorde georganiseer is, te analiseer | • inligting te identifiseer deur die gebruik van soek-en vluglees<br><br>• algemene en spesifieke inligting op eksplisiete en implisiete vlak uit te haal<br><br>• tekste wat vergelykend en kontrasterend is, te analiseer | • inligting te identifiseer deur die gebruik van soek-en vluglees<br><br>• algemene en spesifieke inligting op eksplisiete en implisiete vlak uit te haal<br><br>• tekste wat vergelykend en kontrasterend is, te analiseer |

## 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Lees**<br>1. hardop en stil met akkuraatheid, vlotheid en begrip voorbereide graadvlak prosa, poësie en inligtingstekste lees ... (vervolg) | | • inligting uit tekste te gebruik vir kort gerigte skryftake<br><br>• redelik ingewikkelde instruksies en aanwysings uit te voer | • relevante inligting uit een of twee tekste uit te haal en in 'n ander vorm vir 'n ander doel en /of gehoor aan te bied<br><br>• argument(e) en spesifieke aansprake in 'n ouderdomstoepaslike argumentatiewe teks te identifiseer en te evalueer, te bepaal of die redenasie sinvol is en of die bewyse akkuraat, relevant en voldoende is om die aansprake te ondersteun<br><br>• twee tekste, oor dieselfde onderwerp of gebeurtenis, te analiseer en te vergelyk | • relevante inligting uit een of twee tekste uit te haal en in 'n ander vorm vir 'n ander doel en /of gehoor aan te bied<br><br>• argument(e) en spesifieke aansprake in 'n ouderdomstoepaslike argumentatiewe teks te identifiseer en te evalueer, te bepaal of die redenasie sinvol is en of die bewyse akkuraat, relevant en voldoende is om die aansprake te ondersteun<br><br>• twee tekste, oor dieselfde onderwerp of gebeurtenis, te analiseer en te vergelyk<br><br>• brokkies inligting uit verskeie bronne te verkry en op te som<br><br>• voor- die- hand- liggende partydigheid of stereotipering in tekste waar te neem<br><br>• |

## 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| ALGEMENE DOELWITTE | SPESIFIEKE DOELWITTE | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Letterkunde**<br>2. lees, verstaan en krities besin oor 'n verskeidenheid van hoë kwaliteit graadvlak literatuur en literêre nie-fiksie, asook kennis van teksstrukture en die skrywer se skryfstyl te bewys<br>. | • hoofgedagtes van 'n tradisionele kinderverhaal, 'n sprokie/volksverhaal en 'n fabel te herken<br><br>• basiese eienskappe van vrye verse en eenvoudige gedigte te identifiseer: *vorm, versreëls, herhaling, rym, vergelyking, alliterasie*<br><br>• titel, skrywer/digter, illustreerder en uitgewer te identifiseer<br><br>• verteller te identifiseer, die milieu te beskryf, karakters en hoofgebeure van 'n storie of drama te identifiseer en eenvoudige afleidings oor die karakters se optredes te maak | • hoofgedagtes van 'n geskiedkundige storie, ŉ mite/ ŉ legende en ŉ drama te herken<br><br>• basiese eienskappe van vrye verse en eenvoudige gedigte te identifiseer: *eenvoudige rymskemas, klanknabootsing, vergelyking, alliterasie*<br><br>• titel, skrywer/digter, illustreerder en uitgewer te identifiseer<br><br>• verteller te identifiseer, die milieu te beskryf, karakters (ook die protagonis en antagonis) en hoofgebeure van 'n storie of drama te identifiseer en vanselfsprekende afleidings oor die karakters se optredes deur ontleding en kombinasie van inligting uit verskillende dele van ŉ teks te maak | • hoofgedagtes van ŉ fantasie, ŉ animasie (bv. Die Sneeukoningin) en ŉ drama te beskryf<br><br>• effek van elementêre literêre begrippe te identifiseer en te beskryf (*bv. metafore, personifikasie en die gebruik van leestekens)*<br><br>• titel, skrywer/digter, illustreerder, uitgewer en sinopsis/samevatting van 'n literêre teks te herken en te beskryf<br><br>• verteller te identifiseer, die milieu te beskryf, die hooftema en storielyn van 'n roman, drama of kortverhaal in die sosiale, historiese en/of kulturele verband te identifiseer en redelike verwysings na die storielyn, tema(s) van karakters deur ontleding en kombinasie van inligting uit verskillende dele van ŉ teks te maak | • hoofgedagtes van ŉ verskeidenheid vertellings en ŉ drama te beskryf<br><br>• effek van flitskaarte en ander literêre begrippe en stylfigure in gedigte te herken, te interpreteer en te evalueer<br><br>• titel, skrywer/digter, illustreerder, uitgewer en sinopsis/samevatting van 'n literêre teks te herken en te beskryf<br><br>• logiese afleidings omtrent die temas, intrige, milieu en die verhouding tussen die karakters self asook die karakters en intrige van ŉ roman, drama of kortverhaal in sy sosiale, historiese en/of kulturele konteks deur ontleding en kombinasie van inligting uit verskillende dele van ŉ teks te identifiseer en te maak |

## 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Letterkunde**<br>**2.** lees, verstaan en krities besin oor 'n verskeidenheid van hoë kwaliteit graadvlak literatuur en literêre nie-fiksie, asook kennis van teksstrukture en die skrywer se skryfstyl te bewys ... (vervolg) | • eksplisiete betekenis te verduidelik met verwysing na besonderhede en voorbeelde uit die teks | • eksplisiete en implisiete betekenis te verduidelik deur die korrekte inligting, wat hulle interpretasie steun, uit die teks te gee | • eksplisiete en implisiete betekenis te verduidelik deur tekstuele bewyse wat hulle ontleding van die teks steun<br><br>• teks in sy sosiale, sosiale, historiese en/of kulturele konteks te plaas<br><br>• effek van taalgebruik in 'n teks, bv. humor, hiperbool en woorde of frases wat emosies soos hartseer of woede ontlok, te identifiseer | • eksplisiete en implisiete betekenis te verduidelik deur tekstuele bewyse wat hulle ontleding van die teks steun<br><br>• teks in sy sosiale, sosiale, historiese en/of kulturele konteks te plaas<br><br>• effek van taalgebruik in 'n teks, bv. humor, hiperbool en woorde of frases wat emosies soos hartseer of woede ontlok, te identifiseer |

## 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Skryf**<br>3. 'n verskeidenheid formele en informele tekste, vir kreatiewe, persoonlike en funksionele doeleindes met gepaste taal en styl skryf | • idees in paragrawe te rangskik en taal te kies wat by die doel van die skryftaak pas<br><br>• geskikte inligting uit 'n teks (wat deur die onderwyser verskaf word) te kies vir 'n spesifieke taak en die inligting skriftelik of tegnologies te integreer sonder om plagiaat te pleeg | • idees in 'n logiese volgorde in paragrawe te rangskik en taal te kies wat by die doel en gehoor van die skryftaak pas<br><br>• geskikte inligting uit twee of meer gedrukte tekste (met die hulp van die onderwyser) te kies vir 'n spesifieke taak en die inligting skriftelik of tegnologies te integreer sonder om plagiaat te pleeg | • idees in paragrawe met verbindingswoorde te rangskik en taal doelbewus te kies wat by die doel en gehoor van die skryftaak pas<br><br>• geskikte inligting uit 'n verskeidenheid gedrukte tekste te kies vir 'n spesifieke taak en die inligting skriftelik of tegnologies te integreer sonder om plagiaat te pleeg | • idees in gestruktureerde paragrawe met verbindingswoorde te rangskik en taal doelbewus te kies wat by die doel en gehoor van die skryftaak pas<br><br>• geskikte inligting uit 'n verskeidenheid geloofwaardige, gedrukte en digitale tekste te kies vir 'n skryftaak en die inligting skriftelik (met erkenning aan hulle bronne) of tegnologies te integreer sonder om plagiaat te pleeg |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | • take te beplan, 'n konsep te skryf, te redigeer en oor te skryf, met doelbewuste fokus op graad-toepaslike grammatikale akkuraatheid en korrekte spelling asook 'n netjiese en leesbare eindproduk te produseer | • take te beplan, 'n konsep te skryf, te redigeer en oor te skryf, met doelbewuste fokus op graad-toepaslike grammatikale akkuraatheid, korrekte spelling en effektiewe woordeskat asook 'n netjiese en leesbare eindproduk te produseer | • take te beplan, 'n konsep te skryf, te redigeer en oor te skryf, met doelbewuste fokus op graad-toepaslike grammatikale akkuraatheid, korrekte spelling en effektiewe woordeskat asook 'n netjiese en leesbare eindproduk te produseer | • take te beplan, 'n konsep te skryf, te redigeer en oor te skryf met maksimum impak en grammatikale akkuraatheid en spelling asook 'n netjiese en leesbare eindproduk te produseer |

## 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal*** **:** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Skryf**<br>3. 'n verskeidenheid formele en informele kreatiewe tekste skryf, met 'n aanvoeling vir gehoor en doel (vervolg) | • verskillende sinstipes (stel-, vraag-,bevelsinne en uitroepe) korrek in hul skryfwerk te gebruik | • verskillende sinstipes (stel-, vraag-, bevelsinne en uitroepe) korrek in hul skryfwerk te gebruik<br><br>• eenvoudige sinne saam te voeg om kort paragrawe te vorm, insluitend inleidende en slotparagrawe | • gebruik grammatikale kenmerke, samehangende toestelle, leestekens, woordeskat en idiome/idiomatiese uitdrukkings korrek en vir effek<br><br>• verskillende soorte paragrawe te skryf, bv. 'n inleidende, inhoudelike en slotparagraaf (gebruik oorgang woorde en frases (bv. eerstens, tweedens, ter afsluiting) idees en paragrawe te koppel<br><br>• sinpatrone vir betekenis, styl en belangstelling af te wissel | • gebruik grammatikale kenmerke, samehangende toestelle, leestekens, woordeskat, en idiome/ idiomatiese uitdrukkings korrek en vir effek<br><br>• verskillende paragrawe te skryf wat inleidende en slotsinne bevat (gebruik oorgangswoorde en -frases (bv. daarom, buitendien egter) vir samehangende skryfwerk<br><br>• sinpatrone vir betekenis, styl en belangstelling af te wissel |

## 9.2. Lees en Skryf (vervolg)

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal*** **:** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| **Skryf**<br>3. verskeidenheid formele en informele kreatiewe tekste skryf, met 'n aanvoeling vir gehoor en doel (vervolg)) | • verskeidenheid kreatiewe skryftake uit te voer, bv.:<br>- plakkate<br>- uitnodigings<br>- resepte<br>- vriendskaplike briewe<br>- beskrywings<br>- verhalende skryfstukke | • verskeidenheid kreatiewe skryftake uit te voer, bv.:<br>- notas<br>- plakkate<br>- algemene instruksies/ aanwysings<br>- informele briewe<br>- beskrywings<br>- verhalende skryfstukke<br>- basies rym gedig | • -verskeidenheid kreatiewe skryftake uit te voer, bv.:<br>- boekresensies<br>- e-posboodskappe /informele briewe<br>- dialoë<br>- advertensies<br>- meer komplekse instruksies<br>- beskrywende paragrawe<br>- verhalende opstelle<br>• aanvoeling vir die gehoor te openbaar in skryfwerk | • verskeidenheid kreatiewe skryftake uit te voer, bv.:<br>- resensies<br>- formele briewe<br>- formele versoeke<br>- e-posboodskappe (formeel en informeel)<br>- ooggetuie verslag<br>- artikels<br>- dialoë/onderhoude<br>- gedetailleerde, komplekse instruksies<br>- beskrywende paragrawe<br>- verhalende opstelle<br>- deur 'n geskikte vorm van register te gebruik om by die gehoor te pas<br>• aanvoeling vir die gehoor te openbaar in skryfwerk |

## 9.3. Grammatika en taalgebruik

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| 1. progressief meer korrek spel, asook leestekens en taalstrukture ken en korrek gebruik | • betreffende taalkonvensies:<br>- klankpatrone in Afrikaanse woorde te identifiseer<br>- woorde op te breek in klankgrepe en lettergrepe<br>- woorde af te breek aan die einde van 'n reël<br>- alfabetiese rangskikking te doen<br>- algemeen gebruikte afkortings korrek te na te slaan en korrek skryf<br><br>• die volgende leestekens korrek te gebruik:<br>- punt<br>- komma<br>- vraagteken<br>- uitroepteken<br><br>• die volgende skryftekens korrek te gebruik:<br>- deelteken<br>- kappie<br>- koppelteken<br>- afkappingsteken<br>- hoofletters<br><br>• diktee van 3 tot 4 lyne te skryf | • betreffende taalkonvensies:<br>- klankpatrone in Afrikaanse woorde te identifiseer<br>- woorde op te breek in klankgrepe en lettergrepe<br>- woorde af te breek aan die einde van 'n reël<br>- alfabetiese rangskikking te doen<br>- algemeen gebruikte afkortings na te slaan en korrek te skryf<br><br>• die volgende bykomende leestekens korrek te gebruik:<br>- dubbelpunt<br>- hakies<br>- aanhalingstekens<br><br>• die volgende skryftekens korrek te gebruik:<br>- deelteken<br>- kappie<br>- koppelteken<br>- afkappingsteken<br>- hoofletters<br><br>• diktee van 5 tot 6 lyne te skryf | • betreffende taalkonvensies:<br>- klankpatrone in Afrikaanse woorde te identifiseer<br>- woorde op te breek in klankgrepe en lettergrepe<br>- woorde af te breek aan die einde van 'n reël<br>- alfabetiese rangskikking te doen<br>- algemeen gebruikte afkortings na te slaan en korrek te skryf<br><br>• die volgende bykomende leestekens korrek te gebruik:<br>- parentese<br>- kommapunt<br><br>• die volgende skryftekens korrek te gebruik:<br>- deelteken<br>- kappie<br>- koppelteken<br>- afkappingsteken<br>- hoofletters<br><br>• diktee van 7 tot 8 lyne te skryf | • betreffende taalkonvensies:<br>- klankpatrone in Afrikaanse woorde te identifiseer<br>- woorde op te breek in klankgrepe en lettergrepe<br>- woorde af te breek aan die einde van 'n reël<br>- alfabetiese rangskikking te doen<br>- algemeen gebruikte afkortings korrek te skryf<br><br>• die volgende bykomende leestekens korrek te gebruik:<br>- stippels (ellips)<br>- aandagstreep<br><br>• die volgende skryftekens korrek te gebruik:<br>- deelteken<br>- kappie<br>- koppelteken<br>- afkappingsteken<br>- hoofletters<br><br>• diktee van 9 tot 10 lyne te skryf |

## 9.3. Grammatika en taalgebruik

| ALGEMENE DOELSTELLINGS | SPESIFIEKE DOELSTELLINGS | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| 2. gepaste, verbeeldingryke en 'n verskeidenheid woorde en idiome gebruik | • sinonieme en antonieme te identifiseer<br>• homonieme en homofone te identifiseer<br>• vaste uitdrukkings en idiome te herken en gebruik<br>- woordvorming te doen met samestellings en afleidings, voor- en agtervoegsels | • nuwe woorde wat hulle uit leeswerk verkry in hulle skryfwerk te gebruik<br>• gepaste woorde en idiomatiese uitdrukkings te gebruik<br>• woorde en idiome te kies en te gebruik om 'n spesifieke effek op die leser te hê<br>• woordvorming te doen met samestellings en afleidings, voor- en agtervoegsels | • woorde en uitdrukkings te kies om spesifieke effekte te verkry<br>• Afrikaanse woorde uit ander vakgebiede in hulle skryfwerk te gebruik<br>• woorde en idiome te kies en te gebruik om 'n spesifieke effek op die leser te hê<br>• woordvorming te doen met samestellings en afleidings, voor- en agtervoegsels | • 'n gevarieerde woordeskat in hulle skryfwerk te gebruik<br>• gepaste woorde en idiomatiese uitdrukkings in hulle skryfwerk te gebruik<br>• woorde en idiome te kies en te gebruik om 'n spesifieke effek op die leser te hê<br>- woordvorming te doen met samestellings en afleidings, voor- en agtervoegsels |
| 3. verskillende woordsoorte effektief in sinne gebruik | • die volgende woordsoorte in sinsverband te herken en gebruik:<br>- werkwoord en tydvorme<br>- selfstandige naamwoorde: soortname, eiename, versamelname, massaname<br>- byvoeglike naamwoorde, verbuiging, intensiewe vorme, trappe van vergelyking<br>- bepaalde en onbepaalde lidwoorde | • die volgende woordsoorte in sinsverband te herken en gebruik:<br>- werkwoord en tydvorme<br>- selfstandige naamwoorde: soortname, eiename, versamelname, massaname<br>- byvoeglike naamwoorde, verbuiging, intensiewe vorme, trappe van vergelyking<br>- bepaalde en onbepaalde lidwoorde | • die volgende woordsoorte in sinsverband te herken en gebruik:<br>- werkwoord en tydvorme<br>- selfstandige naamwoorde: soortname, eiename, versamelname, massaname<br>- byvoeglike naamwoorde, verbuiging, intensiewe vorme, trappe van vergelyking<br>- bepaalde en onbepaalde lidwoorde | • die volgende woordsoorte in sinsverband te herken en gebruik:<br>- werkwoord en tydvorme<br>- selfstandige naamwoorde: soortname, eiename, versamelname, massaname<br>- byvoeglike naamwoorde, verbuiging, intensiewe vorme, trappe van vergelyking<br>- bepaalde en onbepaalde lidwoorde<br>- voornaamwoorde: persoonlik, |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | - voornaamwoorde: persoonlik, besitlik, vraend<br>- bywoorde van tyd, wyse, plek<br>- voorsetsels<br>- hoof- en rangtelwoorde voegwoorde | - voornaamwoorde: persoonlik, onpersoonlik, besitlik, betreklik, vraend, aanwysend<br>- bywoorde van tyd, wyse, plek<br>- vaste en vrye voorsetsels<br>- hoof- en rangtelwoorde voegwoorde | - voornaamwoorde: persoonlik, onpersoonlik, besitlik, betreklik, vraend, aanwysend<br>- bywoorde van tyd, wyse, plek<br>- vaste en vrye voorsetsels<br>- hoof- en rangtelwoorde voegwoorde | onpersoonlik, besitlik, betreklik, vraend, aanwysend<br>- bywoorde van tyd, wyse, plek<br>- vaste en vrye voorsetsels<br>- hoof- en rangtelwoorde voegwoorde |
| 4. 'n verskeidenheid sinsoorte en-strukture gebruik | • sinsoorte (stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroepsin) te identifiseer<br>• enkelvoudige sinne (onderwerp, gesegde, voorwerp) korrek kan skryf<br>• ontkenning in kort sinne korrek te gebruik | • enkelvoudige en kort saamgestelde sinne te gebruik<br>• enkelvoudige sinne saam te voeg om saamgestelde sinne te kry (sonder om noodwendig met die begrippe *eenvoudig* en *saamgesteld* te werk)<br>• sinsoorte (stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroepsin) te onderskei en te gebruik<br>• ontkenning in kort sinne korrek te gebruik | • veelvoudige sinne te gebruik<br>• langer sinne saam te voeg deur spesifieke voegwoorde te gebruik<br>• ontkenning korrek te gebruik in langer sinne<br>• sinne in die direkte en indirekte rede korrek te gebruik | • meer komplekse sinstrukture korrek te gebruik<br>• ontkenning korrek te gebruik in langer sinne<br>• sinne in die direkte en indirekte rede korrek te gebruik<br>• die aktiewe en passiewe vorm van die werkwoord te herken |

## 9.3. Grammatika en taalgebruik

| **ALGEMENE DOELSTELLINGS** | **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS** | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Leerders sal:*** | **Graad 4** | **Graad 5** | **Graad 6** | **Graad 7** |
| | *Aan die einde van Graad 4 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 5 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 6 behoort leerders in staat te wees om:* | *Aan die einde van Graad 7 behoort leerders in staat te wees om:* |
| 5. progressief meer vaardigheid ontwikkel in die gebruik van naslaanbronne | • 'n eenvoudige woordeboek te gebruik om die betekenis en spelling van woorde na te slaan | • 'n eenvoudige woordeboek te gebruik om die betekenis en spelling van woorde na te slaan | • woordeboeke met meer vertroue te gebruik om aspekte soos sinonieme, woordsoorte, afleidings, variasies in spelling en betekenis en afleidings na te slaan | • woordeboeke en ander naslaanbronne met vertroue te gebruik voorvoegsels, agtervoegsels en spesiale betekenisse van woorde in woordeboeke na te slaan |

## 10. ASSESSERING

'n Leerdergerigte kurrikulum en leerdergerigte onderrig maak gebruik van 'n breë verskeidenheid kennis en vaardighede wat relevant is vir die kennis-gebaseerde samelewing. Die spesifieke doelstellings in die sillabus omskryf die kennis en vaardighede waaroor ‘n leerder moet beskik as ‘n gevolg van die onderrig-leerproses, asook watter vaardighede geassesseer sal word. Die bedoeling is dat die kurrikulum op leer moet fokus, nie op assessering en eksaminering nie. Die funksie van assessering is om leer te ondersteun.

### 10.1. Assesseringstipes en -metodes

***Deurlopende assessering***

'n Verskeidenheid van formele en informele deurlopende assesserings is nodig om 'n volledige beeld te verkry van 'n leerder se vordering en prestasie in alle vakke. Deurlopende assessering moet duidelik, eenvoudig en maklik hanteerbaar wees en uitdruklik geanker wees in leerdergerigte beginsels en praktyk. Onderwysers moet betroubare en geldige inligting verkry oor 'n leerder se prestasie in die spesifieke doelstellings. Die inligting wat versamel word oor die leerders se vordering en prestasie behoort gebruik te word om terugvoer te gee aan die leerders rakende hul sterk en swak punte, en waarom, waar en hoe hulle nodig het om harder te probeer werk. Die ouers moet gereeld ingelig word oor die vordering van hul kind, aangemoedig word om prestasies te beloon en voorstelle ontvang oor hoe hulle hul kind se leeraktiwiteite kan ondersteun.

Die leerder se vordering en prestasies in hierdie vak moet aan die ouers gerapporteer word deur middel van die skoolrapport.

***Formatiewe en samevattende assessering***

Die twee vorme van assessering wat gebruik word, is formatiewe deurlopende assessering en samevattende assessering. Formatiewe deurlopende assessering is enige assessering wat gedurende die skooljaar gedoen word ten einde leer te verbeter en die onderrig-leerproses te help vorm en rig. Assessering is formatief omdat die waarnemings wat gemaak word en die inligting wat verkry word, gebruik word om leiding te gee aan die leerder sowel as die onderrig- en leerproses.

Assessering het formatiewe waarde vir leerders as en wanneer:

- dit gebruik word om leerders te motiveer om hulle kennis en vaardighede uit te brei, waardes te vestig en gesonde studiegewoontes te bevorder,
- assesseringstake leerders help om probleme op intelligente wyse op te los deur dit wat hulle geleer het, toe te pas,
- die onderwyser die inligting gebruik om onderrigmetodes en –materiaal te verbeter.

Samevattende assessering is enige assessering wat aan die einde van die skooljaar gedoen word en gebaseer is op die vordering en prestasies van die leerder dwarsdeur die jaar in 'n gegewe vak, tesame met enige einde-van-die-jaar toetse of eksamens. Die resultaat van die samevattende assessering is 'n einde-van-jaar bevorderingsgraad.

***Informele en formele metodes***

Die onderwyser moet vasstel hoe goed elke leerder die spesifieke doelstellings bemeester wat in die vaksillabus beskryf word.

Dit kan in 'n groot mate op 'n informele wyse gedoen word deur gestruktureerde waarneming van elke leerder se vordering in leersituasies en aktiwiteite waartydens hulle dinge ondersoek, verskynsels en data interpreteer, kennis toepas, kommunikeer en beoordeel.

Wanneer dit nodig is om assessering meer formeel te struktureer, moet die onderwyser sover as moontlik situasies gebruik wat soortgelyk is aan gewone leer- en praktyksituasies om die vaardigheid van die leerder te assesseer. Formele geskrewe en mondelinge toetse kan gebruik word om 'n beperkte reeks vaardighede te assesseer en behoort dus nie baie tyd in beslag te neem nie. Kort toetse moet beperk word tot 'n deel van 'n periode en moet slegs in uitsonderlike gevalle 'n hele periode beslaan.

***Evaluering***

Inligting verkry uit informele en formele deurlopende assessering moet deur die onderwyser gebruik word om vas te stel in watter gevalle dit nodig is om metodes en materiaal aan te pas by die individuele vordering en behoeftes van elke leerder. Aan die einde van 'n bepaalde hoofafdeling van onderrig en aan die einde van elke trimester moet die onderwyser saam met die leerders die leerproses evalueer in terme van voltooide take, deelname, wat die leerders geleer het en wat gedoen kan word om voortdurend die werkatmosfeer en prestasies van die klas te verbeter.

***Kriteriagerigte assessering***

Wanneer punte toegeken word in deurlopende assessering is dit belangrik dat die leerder se werklike vlak van prestasie ten opsigte van die spesifieke doelstellings in die sillabus, en nie ten opsigte van die prestasie van ander leerders nie, weerspieël word. Graadomskrywings moet vir elke vak ontwikkel word. Dit is belangrik dat onderwysers saamwerk sodat hulle 'n gemeenskaplike begrip van die graadomskrywings ontwikkel en dit eenvormig toepas in deurlopende assessering. Slegs dan sal die assessering betroubaar wees.

.

### 10.2. Graadomskrywings

Die leerder se bemeestering van die spesifieke doelstellings wat in die sillabus aangedui is, sal met die letters A – E aangedui word. A verteenwoordig die hoogste gradering en E die laagste. Gebruik 'n letter, in plaas van 'n persentasie, as punt. Die verband tussen die gradering en die spesifieke doelstellings word in die tabel hier onder aangedui.

| Graad | GRAAD-INTERVALLE % (Gr 4 - 7) | OMSKRYWING VAN VAARDIGHEDE |
|---|---|---|
| A | 80%+ | Bemeester die vaardighede **uitsonderlik goed**. Die leerder is uitsonderlik goed in alle vaardighede. |
| B | 70- 79% | Bemeester die vaardighede **baie goed**. Die leerder is hoogs vaardig in die meeste vaardighede. |
| C | 60- 69% | Bemeester die vaardighede **goed.** Die leerder kan dit in onbekende situasies toepas. |
| D | 50- 59% | Bemeester die vaardighede **bevredigend**. Die leerder se prestasie is gemiddeld en vereis ekstra hulp in sommige gevalle. |
| E | 40-49 % | Bemeester slegs die **minimum getal vaardighede om te slaag**. Die leerder het talle vaardighede nie bemeester nie en benodig ekstra hulp met die meeste aspekte van die werk, maar beskik tog oor voldoende vaardigheid om na die volgende graad bevorder te word. |
| U | 0-39 % | **Kon nie die minimum getal vaardighede bemeester om te slaag nie**. Met baie hulp van die onderwyser, benodig die leerder egter nog remediërende hulp. |

### 10.3 Beplanning van assessering en byhou van punte

Deurlopende assessering moet aan die begin van die jaar beplan word en so eenvoudig moontlik gehou word. Punte wat toegeken word vir klasaktiwiteite, praktiese aktiwiteite, projekwerk, opdragte, huiswerk en kort toetse mag vir deurlopende assessering aangeteken word.

### 10.4 Assesseringsdoelwitte

Die assesseringsdoelwitte vir Afrikaans Eerste Taal is:

***Luister en praat***

*Die leerder behoort in staat te wees om:*

1. na inligting te luister en dit te verstaan
2. instruksies en aanwysings te verstaan en te volg
3. hoofpunte in 'n mondelinge teks te herken en ondersteunende detail en voorbeelde te identifiseer

***Lees en skryf***

*Die leerder behoort in staat te wees om:*
1. hardop te lees om begrip van die teks oor te dra
2. ʼn verskeidenheid voorgeskrewe literêre-en inligtingstekste te lees en daarop te reageer
3. 'n verskeidenheid formele en informele kreatiewe skryftake uit te voer

***Grammatika en taalgebruik***

*Die leerder behoort in staat te wees om:*
1. korrekte spelling, punktuasie en taalstrukture te gebruik
2. gepaste en verbeeldingryke woordeskat en idiome te gebruik
3. verskillende woordsoorte en tydsvorme effektief te gebruik
4. ʻn verskeidenheid sinstrukture toe te pas

**10.5 Deurlopende assessering: Spesifieke riglyne**

'n Spesifieke aantal deurlopende assesseringsaktiwiteite moet per trimester gekies, nagesien en aangeteken word. Hierdie deurlopende assessering moet noukeurig beplan word en volgens 'n nasienskema gemerk word. Die kriteria wat gebruik word om ander aktiwiteite as toetse te assesseer, moet voor die assesseringsaktiwiteit aan die leerder gegee word. Bewyse van goeie, gemiddelde en swak werk deur leerders moet tot die einde van die volgende jaar by die skool gehou word. Vir deursigtigheid, mag onderwysers meer as die vereiste getal assesserings nasien. Bevordering van leerders aan die einde van die jaar, sal slegs plaasvind op grond van voorgeskrewe assesseringstake in die sillabus.

***Luister en praat***

Luisterbegrip moet ten minste een keer per trimester formeel getoets word. Hiervoor sal onderwysers 'n luistertoets opstel wat skriftelik beantwoord word. Die punte word aangeteken in die kolom vir Luisterbegrip op die Deurlopende Assesseringspuntelys. Leerders se praatvaardigheid moet ten minste een keer per trimester bepunt word. (*Nie net kommunikasie-vaardighede nie, maar ook aanbiedings-en- interaksionele vaardighede*). Die punte word aangeteken in die toepaslike kolom op die Deurlopende Assesseringspuntelys.

***Lees en skryf***

**Hardoplees**

Hardoplees moet ten minste een keer per trimester getoets word. Dit moet verkieslik gedoen word deur middel van 'n teks wat die leerders voorberei het. Die onderwyser kan begrip van die voorgelese gedeelte toets deur enkele vrae te vra wat die leerder mondelings moet beantwoord, maar dit is belangrik om in gedagte te hou dat die formele toetsing van begrip in die Lees en Gerigte Skryfwerk-take gedoen word.

**Letterkunde**

Ten minste een kort taak of toets oor die voorgeskrewe letterkunde moet per trimester bepunt word. Die punte word in die toepaslike kolom op die Deurlopende Assesseringspuntelys aangeteken.

Die studie van letterkunde bestaan uit drie aspekte: prosa, drama en poësie. Al drie genres kan deel vorm van die formele mondelinge en skriftelike assessering.

(i) Prosa (‘n roman of kortverhale)

Die inhoud moet informeel bestudeer word wat betref karakters, verhaalverloop, ruimte, gebeure en gevolge. Geskrewe vrae moet kontekstueel wees. Leerders behoort in staat te wees om die vrae te beantwoord deur die tekste te raadpleeg. In die Senior Primêre fase moet die tekste in 'n mate in meer diepte bestudeer word.

(ii) Drama

‘n Kort drama of slegs een toneel van 'n drama, mag bestudeer word. Die inhoud moet bestudeer word wat betref karakters, verhaalverloop, ruimte, gebeure en gevolge. Geskrewe vrae moet kontekstueel wees. Leerders behoort in staat te wees om die vrae te beantwoord deur die tekste te raadpleeg.

(iii) Poësie

Vir assesseringsdoeleindes kan beide gesiene en ongesiene gedigte gebruik word en die vrae moet kontekstueel wees. Assessering moet nie slegs begrip van 'n gedig toets nie, maar ook die vermoë om beeldspraak en die effek daarvan te herken, asook ander taal- en literêre aspekte wat onderrig is.

Minimum voorgeskrewe leeswerk per graad:

**Graad 4: 3 gedigte EN 1 kort drama/toneel EN 1 roman OF 3 kortverhale per jaar**
**Graad 5: 4 gedigte EN 1 kort drama/toneel EN 1 roman OF 4 kortverhale per jaar**
**Graad 6: 5 gedigte EN 1 kort drama EN 1 roman OF 5 kortverhale per jaar**
**Graad 7: 6 gedigte EN 1 kort drama EN 1 roman OF 6 kortverhale per jaar**

**Lees en gerigte skryfwerk**

Leestekste wat met 'n verskeidenheid vrae die begrip van beide letterlike en figuurlike betekenis toets, moet gereeld gedurende die trimester geassesseer word. Ten minste een taak wat uit 'n leesstuk met 'n verskeidenheid tipes vrae bestaan, moet per trimester deur die onderwyser gemerk word en die punte ingedra word op die deurlopende assesseringspuntelys.

Die vrae moet begrip toets en moet ook 'n gerigte skryfwerkopdrag insluit. Dit wil sê leerders se vermoë om inligting in 'n ander vorm weer te gee uit een of meer tekste of visuele materiaal word getoets.

**Deurlopende skryfwerk**

Ten minste een opstel en een korter skryfstuk moet per trimester nagesien word en die punte op die deurlopende assesseringspuntelys aangeteken word. (Leerders in graad 4 en 5 moet nie ernstig beperk word ten opsigte van die aantal woorde in 'n opstel nie; die fokus moet eerder op die genot van kreatiewe skryfwerk wees.) Graad 4-leerders skryf slegs sinne rondom kernwoorde. Daarom word daar nog nie van hulle verwag om paragrawe te skryf of die vorm van briewe te ken nie.

Die onderstaande aanduiding van die lengte van skryfstukke is op die verskillende grade van toepassing:

Korter skryftake:

Graad 4: 60 - 80 woorde
Graad 5: 80 - 100 woorde
Graad 6: 100 - 120 woorde
Graad 7: 120 - 150 woorde

Opstelle:

Graad 4: 100 - 180 woorde
Graad 5: 120 - 150 woorde
Graad 6: 150 - 180 woorde
Graad 7: 180 - 200 woorde

In die Senior Primêre fase sal die leerders slegs verhalende opstelle skryf, om deeglike vaardighede in die beplanning en samestelling van verhalende opstelle te ontwikkel deur oorvertelling of verslag te gee en dan stelselmatig aan te beweeg na ander soorte verhalende opstelle. Die onderwyser moet die ontwikkeling van die storielyn in die verhalende opstel onderrig (inleiding, ontwikkeling, klimaks, ontknoping, slot) en assesseer.

***Grammatika en woordeskat***

**Grammatika**

Dit is baie belangrik dat leerders die grammatika van Afrikaans goed onder die knie kry in die Senior Primêre fase. Dit is egter belangrik om daarop te let dat kennis van die grammatika altyd in sinsverband getoets moet word. Ten minste een grammatikatoets per trimester moet deur die onderwyser gemerk word vir doeleindes van formele deurlopende assessering en die punte moet op die deurlopende assesseringspuntelys aangeteken word.

**Spel en Diktee**

Speltoetse en diktee in die vorm van sinne of 'n paragraaf wat aan die leerders voorgelees word, sal leerders se spelvaardigheid in die taal assesseer. Dit is belangrik dat leerders gereeld oefening kry in die skryf van spel- en dikteetoetse. Speltoetse en diktee moet woordeskat toets wat gedurende die week/trimester/jaar geleer is. Dit kan deur die leerders self of deur klasmaats gemerk word. Ten minste een spel- en een dikteetoets per trimester moet deur die onderwyser nagesien word vir doeleindes van formele deurlopende assessering en die punte moet op die deurlopende assesseringspuntelys aangeteken word.

**Samevatting van Deurlopende Assessering (DA) per trimester:**

| Vaardigheid | Punte | Totaal |
|---|---|---|
| **1. Luister en Praat** | | |
| Luisterbegrip | 10 | |
| Voorbereide toespraak | 10 | |
| | | 20 |
| **2. Lees en skryf** | | |
| Hardoplees | 10 | |
| Letterkunde | 10 | |
| Lees en gerigte skryfwerk | 20 | |
| Opstel | 10 | |
| Korter skryftaak | 10 | |
| | | 60 |
| **3. Grammatika en woordeskat** | | |
| Grammatika | 10 | |
| Spel en Diktee | 10 | |
| | | 20 |
| **TOTAAL** | | **100** |

***Einde van termyn rapportpunt***

Die punte vir Deurlopende Assessering (DA) van een trimester tel uit 100. Hierdie punt tesame met die einde van termyn toetspunt moet gebruik word vir die rapport aan die einde van die trimester (sien Bylaag H en I). Die einde van termyn toets is nie 'n eksamen nie en is SLEGS van toepassing op termyn 1 en 2.

**Neem asseblief kennis:**
Graad 4&5 einde van termyn toets moet 'n totaal van **30 punte** tel wat die volgende toets:

- Leesbegrip vrae (10 punte)
- Grammatika vrae gebaseer op taal wat gedurende daardie termyn/e onderrig is (10 punte)
- 'n Vraag oor 'n kort skryfstuk wat gedurende daardie termyn/e onderrig is (10 punte)

Graad 6&7 einde van termyn toets moet 'n totaal van **50 punte** tel wat die volgende toets:

- Leesbegrip vrae (20 punte)
- Grammatika vrae gebaseer op taal wat gedurende daardie termyn/e onderrig is (10 punte)
- Letterkunde: kontekstuele vrae moet gebaseer wees op 'n literêre teks wat gedurende die

tweede trimester behandel is. Die vrae moet die spesifieke doelstellings van letterkunde, soos uiteengesit in die leerinhoud, toets (10 punte).

- ’n Vraag oor ’n kort skryfstuk wat gedurende daardie termyn/e onderrig is (10 punte).

### 10.6 Eindeksamen: Uiteensetting van vraestelle

'n Interne eindeksamen sal in Afrikaans Eerste Taal geskryf word. Die doel van hierdie eksamen is om te bepaal tot watter mate elke leerder die doelstellings vir daardie jaar bemeester het. Die eksamen moet nie meer as twee weke in beslag neem nie.

Die eindeksamen bestaan uit twee vraestelle:

| Vraestel | GRAAD 4 | Tyd | Punte |
|---|---|---|---|
| **Vraestel 1: Lees-begrip en grammatika** | Vraestel 1 bestaan uit twee afdelings. Die vrae kan die volgende tipes vrae insluit: meerkeuse vrae, waar/vals vrae, invul-vrae, vrae waarin die antwoord aan 'n stelling gekoppel word en volsin antwoorde.<br><br>**Deel 1: Leesbegrip (20 punte)** Vrae moet opgestel word oor een of twee ongesiene verhalende, beskrywende of inligtingstekste (ongeveer 150 tot 200 woorde per teks, nie meer as 400 woorde in totaal vir die afdeling nie), en kan ook 'n gedig insluit. Visuele materiaal (grappies, advertensies, grafiese tekste) kan bykomend tot die tekste gebruik word. Die tipe tekste mag nie herhaal word nie. Vrae sal begrip toets en 'n verskeidenheid tipes vrae op verskillende vlakke insluit.<br><br>**Deel 2: Grammatika (10 punte)**<br>Vrae moet gevra word oor grammatika wat deur die loop van die jaar onderrig is, bv. leestekens, woordsoorte, sinskonstruksie, ensovoorts. Grammatika moet in konteks (binne sinsverband) getoets word. | 1 uur<br>15 min. | **30** |
| **Vraestel 2: Deurlopende skryfwerk** | Vraestel 2 bestaan slegs uit een afdeling.<br><br>**Skryfstuk (20 punte)**<br>Leerders sal 'n verhalende skryfstuk van ongeveer 15 tot 20 sinne skryf oor een van vier onderwerpe. 'n Visuele stimulus of kernwoorde kan gegee word. | 45 min. | **20** |
| **TOTAAL** | | | **50** |

| Vraestel | GRAAD 5 | Tyd | Punte |
|---|---|---|---|
| **Vraestel 1: Leesbegrip, Gerigte Skryfwerk en Grammatika** | Vraestel 1 bestaan uit twee afdelings. Die vrae kan die volgende tipes vrae insluit: meerkeuse vrae, waar/vals vrae, invul-vrae, vrae waarin die antwoord aan 'n stelling gekoppel word en volsin antwoorde.<br><br>**Deel 1: Leesbegrip, Gerigte Skryfwerk en Grammatika. (20 punte**) Beide leesbegripvrae en 'n gerigte skryftaak. Die afdeling sal uit vrae bestaan wat gebaseer is op een of twee verhalende, feitelike, beskrywende tekste (200 tot 250 woorde per teks, nie meer as 500 woorde in totaal vir die afdeling nie), en kan ook 'n gedig insluit. Visuele materiaal (grappies, advertensies, grafiese tekste) kan bykomend tot die tekste gebruik word. Vrae sal begrip toets (10 punte) en 'n verskeidenheid tipes vrae op verskillende vlakke insluit.<br>Die laaste vraag van hierdie afdeling moet 'n gerigte skryfwerkopdrag wees van ongeveer 80 tot 100 woorde.(10 punte).<br><br>**Deel 2: Grammatika (10 punte)**<br>Vrae moet gevra word oor grammatika wat deur die loop van die jaar onderrig is. Grammatika moet in konteks (binne sinsverband) getoets word. | 1 uur 15 min. | **30** |
| **Vraestel 2: Deurlopende skryfwerk** | **Opstel (20 punte)**<br><br>Leerders sal 'n verhalende opstel van ongeveer 120 - 150 woorde skryf oor een van 4 onderwerpe. | 1 uur | **20** |
| **TOTAAL** | | | **50** |

| Vraestel | GRAAD 6 & 7 | Tyd | Punte |
|---|---|---|---|
| **Vraestel 1: Lees en gerigte skryfwerk, letterkunde en grammatika** | Vraestel 1 bestaan uit drie afdelings. Die vrae kan die volgende tipes vrae insluit: meerkeuse vrae, waar/onwaar vrae, vrae waarin die antwoord aan 'n stelling gekoppel word, volsin antwoorde, kontekstuele vrae oor 'n literêre teks en vrae oor taalgebruik.<br><br>**Deel 1: Lees en gerigte skryfwerk (50 punte)**<br>Die afdeling sal uit vrae bestaan wat gebaseer is op twee of meer ongesiene verhalende, feitelike en beskrywende tekste. Vrae sal begrip (40 punte) toets en 'n verskeidenheid tipes vrae op verskillende vlakke insluit. Die totale lengte van tekste behoort tussen 600 - 900 vir Graad 6 en 800 tot 1200 woorde vir Graad 7 te wees en sal bepaal word deur die moeilikheidsgraad van die teks en leesvlakke van die leerders. Visuele materiaal (grappies, advertensies, grafiese tekste) kan bykomend tot die tekste gebruik word.<br><br>Die laaste vraag van hierdie afdeling moet 'n gerigte skryfwerkopdrag (10 punte) wees van ongeveer 100 tot 120 woorde vir Graad 6 en 120 tot 150 woorde vir Graad 7.<br><br>**Deel 2: Letterkunde (10 punte)**<br><br>Kontekstuele vrae moet gevra word oor 'n literêre teks wat in die derde trimester behandel is. Die vrae moet die spesifieke doelstellings ten opsigte van letterkunde toets wat in die sillabus uiteengesit is.<br><br>**Deel 3: Grammatika (20 punte)**<br>Vrae moet gevra word oor grammatika wat deur die loop van die jaar onderrig is. Grammatika moet in konteks (binne sinsverband) getoets word. | 1 uur 45 min. | **80** |
| **Vraestel 2: Deurlopende skryfwerk** | **Opstel (20 punte)**<br><br>Leerders sal 'n verhalende opstel skryf oor een van 4 onderwerpe. (Graad 6: 150 - 180 woorde; Graad 7: 180 - 200 woorde) | 1 uur | **20** |
| **TOTAAL** | | | **100÷2=50** |

Ten einde 'n meer positiewe gesindheid by leerders te kweek ten opsigte van die skryf van opstelle, moet skole hulle daarvan weerhou van die praktyk om opstelle en korter skryftake op die laaste skooldag van 'n trimester te laat skryf in 'n poging om al die leerders by die skool te hou.

### 10.7 Promosiepunt

'n Einde-van-jaar samevattende punt sal slegs gebaseer word op die assesseringstake in die sillabus. Deurlopende assessering sal 50% bydra tot die finale jaarpunt en 'n interne eksamen aan die einde van die jaar sal 50% tel. [50 + 50 = 100].
Die gewigswaarde van elke komponent is soos volg:

**Graad 4 en 5**

| Komponent | Omskrywing | Punte | Gewigswaarde |
|---|---|---|---|
| Deurlopende assessering | Verskeie Taalvaardighede | 100 | 50% |
| Eksamen | Vraestel 1 | 30 | 30% |
| | Vraestel 2 | 20 | 20% |
| **Totaal:** | | | **100%** |

**Graad 6 en 7**

| Komponent | Omskrywing | Punte | Gewigswaarde |
|---|---|---|---|
| Deurlopende assessering | Verskeie Taalvaardighede | 100 | 50% |
| Eksamen | Vraestel 1 | 80 | 40% |
| | Vraestel 2 | 20 | 10% |
| **Totaal:** | | | **100%** |

### 10.8 Verband tussen assesseringsdoelwitte en die vraestelle

| Assesseringsdoelwitte | Deurlopende assessering | Vraestel 1 | Vraestel 2 |
|---|---|---|---|
| Luister & praat 1 | | | |
| Luister & praat 2 | ✓ | | |
| Luister & praat 3 | ✓ | | |
| Lees & skryf 1 | ✓ | ✓ | |
| Lees & skryf 2 | ✓ | ✓ | |
| Lees & skryf 3 | ✓ | ✓ | |
| Grammatika & taalgebruik 1 | ✓ | ✓ | ✓ |
| Grammatika & taalgebruik 2 | ✓ | ✓ | ✓ |
| Grammatika & taalgebruik 3 | ✓ | ✓ | ✓ |
| Grammatika & taalgebruik 4 | ✓ | ✓ | ✓ |

### 10.9 Assesseringsrubrieke/kriteria

Die assesseringsrubrieke en assesseringspuntelyste word in bylae C – H verskaf. Wanneer die assesseringsrubrieke gebruik word, moet onderwysers die leerders se verwagte vermoëns en bevoegdhede vir daardie spesifieke graad in ag neem.

Vir graad 4 en 5 kan onderwysers slegs die laaste vyf kategorieë van die assesseringsrubrieke (bylae C - H) gebruik en die punte soos volg aanpas:

| | |
|---|---|
| Goed: | 9 -10 |
| Bevredigend: | 7- 8 |
| Voldoende: | 5- 6 |
| Beperk: | 3- 4 |
| Onvoldoende | 0- 2 |

## BYLAE A: WOORDELYS

**antagonis** — die karakter (die skurk) in ' boek, drama of fliek wie se waardes of gedrag bots met dié van die protagonis of held

**skryftegniek** — die skrywer se woordgebruik, uitdrukkings, figuurlike taal, teksstruktuur, ens. om 'n verwagte effek te skep

**vooroordeel** — 'n onregverdige voorkeur vir of afkeer van iets, bv. as 'n onderwyseres geneig is om hoër punte aan meisies te gee

**plasing** — twee of meer woorde wat gewoonlik saam gebruik word om spesifieke uitdrukking te regverdig, bv. breek die nuus, kry griep

**voegwoord** — 'n woord wat sinne, frases of woorde verbind

**leidraad (ouditief en visueel)** — iets wat jy sien of hoor (beeld en klank) wat sekere reaksies by die luisteraar/kyker wek of bykomende inligting weergee bv. die geluid van branders wat teen die rotse slaan en die geluid van seemeeue laat die luisteraar/kyker besef dat die plek naby die see is.

**eksplisiet** — 'n duidelike en logiese verklaring

**taalkonvensies** — die standaard taalreëls vir die skryf en praat van 'n taal

**inligtingstekste** — inligtingstekste sluit die volgende in:

- uiteensettings (bied inligting aan, verskaf verduidelikings en definisies, vergelyk. Voorbeelde van verklarende tekste is: handboeke, nuusstories, hoofartikels in kwaliteit tydskrifte, ensiklopedie-inskrywing)
- argumenterende en oorredende tekste (wat poog om lesers te beïnvloed en te oortuig.) Voorbeelde is: politieke toesprake en geskrifte, literatuur in veldtogte van menseregte,vroueregte, hoofartikels, advertensies, redakteursbrief ens.)
- tekste wat handel oor prosedure (dra inligting oor in die vorm van aanwysings, bv. handleiding, aanwysings vir 'n kuns-projek/stokperdjie, bordspeletjie of sagteware-instruksies)
- multimodale tekste (webwerwe, brosjures, kontrakte, handleidings, produkondersteuningsmateriaal, navorsingsverslae) met grafiese voorstellings soos resepte, tydlyne, skedules, illustrasies, inskripsies, kaarte en grafieke

**illustreerder** — die persoon wat verduidelikende of dekoratiewe prente verskaf om 'n gedrukte, gesproke of elektroniese teks te vergesel

**implisiet** — geïmpliseer, nie verklaar nie, maar verstaan in uitdrukking

| | |
|---|---|
| **intonasie** | die stygende of dalende toonhoogte van die stem wanneer iemand 'n woord of lettergreep sê, of die stygende en dalende patroon van spraak oor die algemeen |
| **multimodale aanbieding** | aanbieding wat 'n kombinasie van verskillende vorme van kommunikasie gebruik, bv.visueel (prente/foto's) en ouditiewe (liedjie, toespraak) |
| **raamwerk** | die noodsaaklike kenmerke of hoofaspekte van ’n teks |
| **parafraseer** | om iets in eenvoudige taal te verduidelik |
| **plagiaat** | ’n kopie van iemand se werk waarop iemand anders nou aanspraak maak |
| **propaganda** | verkeerde inligting, halwe waarhede, bedrieglike of verwronge inligting wat stelselmatig versprei word, bv. as 'n opponerende politieke party gerugte oor wanbestuur in die regering versprei om hul eie beeld te bevorder |
| **protagonis** | die belangrikste karakter (die held) in ’n boek, drama, storie of ander literêre werke |
| **register** | taalgebruik wat geskik is vir 'n sosiale situasie of wat gebruik word om met 'n bepaalde groep mense te kommunikeer |
| **sosiale konvensies** | die gebruiklike manier van hoe dinge gedoen word in 'n samelewing |
| **stereotipering** | kategoriseer individue of groepe volgens oorvereenvoudigde gestandaardiseerde beelde of idees bv. om die indruk te skep dat alle polisiemanne aggressiewe boelies is, of dat meisies nie so intelligent soos seuns is nie |
| **sinopsis** | ’n kort opsomming van die ruimte in ’n boek, 'n drama, 'n fliek of ’n televisieprogram |
| **teksstruktuur** | die manier waarop verskillende dele of die ruimte, temas, idees ens. in 'n teks aan mekaar gekoppel word |
| **toon** | die manier waarop iemand iets sê as 'n aanduiding van wat daardie persoon voel of dink, die algemene kwaliteit of karakter van iets as 'n aanduiding van die houding en siening van die persoon wat dit gespreek het |

## BYLAE B: LEESBEGRIPSTRATEGIEË

| | |
|---|---|
| **vergelyking en kontras** | ondersoek ooreenkomste en verskille tussen tekste om hulle beter te verstaan |
| **verbinding** | dink aan wat jy reeds van die teks weet. Vind maniere om die teks met jouself, ander tekste en die wêreld rondom jou in verband te bring |
| **kontekstualisering** | plaas 'n teks in sy historiese, biografiese en kulturele kontekste |
| **evaluering** | dink aan die teks as 'n geheel en vorm menings oor wat jy lees |
| **evaluering en argument** | toets die logika van 'n teks sowel as sy geloofwaardigheid en emosionele impak daarvan |
| **identifiseer** | bepaal die skrywer se doel, vind hoofgedagtes, die tema(s) en belangrike besonderhede; identifiseer die kern, die doel en die gehoor van die teks |
| **afleiding** | gebruik leidrade in die teks en jou eie kennis en maak gevolgtrekkings |
| **uiteensetting en opsomming** | Identifiseer die hoofgedagtes en maak 'n bondige weergawe in jou eie woorde |
| **voorspelling** | bepaal wat jy dink, volgende in 'n teks gaan gebeur. Gebruik die titel, teks en illustrasies om jou te help |
| **ondervraging** | stop en vra jouself vrae om te sien of die teks sin maak. Lees die teks weer as jy meer inligting benodig. Spesifieke strategieë sluit in herlees, vooruitlees, verduideliking van woorde deur dit in 'n woordeboek of woordelys na te slaan of iemand om hulp te vra |
| **reflekteer** | Ondersoek jou persoonlike antwoorde aan uitdagings na jou oortuigings en waardes |

| | |
|---|---|
| **oorvertelling** | Herroep en oorvertel van gebeurtenisse, inligting, hoofpunte, teksstrukture, ens. uit die teks. |
| **vluglees en skandering** | Soek vir sleutelwoorde of inligting in die opskrifte, sub-opskrifte, illustrasies, byskrifte, ens. |
| **visualisering** | skep beelde van die karakters, omgewing, gebeure, ens. |

**BYLAE C: ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAATVAARDIGHEID:**
Ken vir elke kategorie 'n punt uit 10 toe; deel dan deur 3 om 'n finale punt uit 10 te kry.

Gee\

| | 1 (Uitstekend) | 2 (Baie goed) | 3 (Bevredigend) | 4 (Voldoende) | 5 (Beperk) | 6 (Onvoldoende) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | **9 - 10** | **7- 8** | **6** | **5** | **4** | **1- 3** |
| **Inhoud** | • trek gehoor se aandag met nuwe en/of fassinerende inligting en/of gedagtes/idees<br>• doelgerigte organisering en berekend om aandag van gehoor te behou<br>• 'n indrukwekkende inleiding en 'n treffende slot | • interessant en ten volle relevant tot gehoor en doel van taak<br>• effektief georganiseerd met 'n interessante inleiding en 'n duidelike slot<br>• van toepaslike lengte | • sommige interessante aspekte, relevant tot gehoor en doel van taak<br>• logies georganiseerd met 'n duidelike inleiding en slot<br>• van toepaslike lengte | • inhoud gemiddeld, maar feitelik korrek, algemeen relevant vir gehoor en doel van taak<br>• sigbare moeite met die organisering van inhoud met 'n inleiding en slot<br>• lengte min of meer toepaslik | • inhoud beperk of elementêr of nie heeltemal relevant vir gehoor nie en/of doel van taak<br>• beperk of onsuksesvolle poging om inhoud te organiseer<br>• aanbieding mag te kort of te lank wees | • heeltemal onvoorbereid<br>• te min inhoud<br>• inhoud irrelevant vir taak en/of gehoor<br>• inhoud nie aangepas om dit sy/haar eie te maak nie<br>• aanbieding is te lank of te kort |
| **Aanbieding** | • uitstekende aanbieding:<br>- goeie inhoud<br>- (NIE gememoriseerde) inhoud<br>- merkbare impak op gehoor<br>- handhaaf oogkontak en natuurlike liggaamshouding<br>- volume, tempo en toonhoogte wissel om belangstelling te behou<br>- logiese vloei van idees<br>- kan hom/haarself duidelik uitdruk<br>- gebruik toon en lyftaal om gehoor te betrek | • baie goeie aanbieding:<br>- bewyse van geoefende inhou (nie gememoriseer nie)<br>- handhaaf meestal oogkontak met die hele gehoor en liggaamshouding is korrek<br>- hom/haarself meestal duidelik uitdruk<br>- meestal logiese vloei van idees<br>- verwissel van toon en gebruik lyftaal om te help o m verwagte betekenisse of gevoelens oor te dra | • bevredigende aanbieding:<br>- belangrike punte is ingeoefen<br>- handhaaf oogkontak, duidelike stem en korrekte liggaamshouding oor die algemeen<br>- hom/haarself hoofsaaklik duidelik uitdruk<br>- min of meer logiese vloei van idees<br>- 'n mate van gebruik van intonasie en lyftaal om verwagte betekenisse of gevoelens oor te dra | • voldoende aanbieding:<br>- bewyse van geoefende inhoud, maar steeds afhanklik van notas<br>- doen moeite om oogkontak en korrekte liggaamshouding te handhaaf<br>- min of onsuksesvolle poging om toon of lyftaal te gebruik om betekenisse of gevoelens oor te dra<br>- probeer om hoof -idees duidelik uit te druk<br>- idees vloei nie altyd logies nie | • swak/oninteressante aanbieding:<br>- lees te gereeld van notas<br>- praat nie altyd duidelik / onderbreek aanbieding / praat te sag of eentonig<br>- sukkel om oogkontak te behou<br>- verloor fokus / dwaal af van die onderwerp | • geen of baie swak aanbieding / geen poging vir 'n effektiewe aanbieding nie:<br>- onwillig om te praat<br>- lees alles van notas af<br>- swak liggaamshouding (te ontspanne / gespanne)<br>- ignoreer gehoor<br>- irrelevante betekenis |
| **Grammatika, taalgebruik en woordeskat** | • uitstekende gebruik van 'n uitgebreide woordeskat en korrekte uitspraak<br>• effektiewe gebruik van onderwerpgebaseerde woordeskat<br>• feitlik geen sinsboufoute, met duidelike en korrekte uitspraak met gemak | • goeie gebruik van ontwikkelde woordeskat en korrekte uitspraak met min foute<br>• gebruik van onderwerp-gebaseerde woordeskat<br>• feitlik geen sinsboufoute, duidelike en korrekte uitspraak<br>• toon bewustheid van goeie taalgebruik in 'n reeks interaktiewe situasies | • meestal korrekte taalgebruik met min foute<br>• bevredigende woordeskat<br>• gebruik saamgestelde sinne en basiese verbindings en frases korrek<br>• bevredigende taalgebruik vir spesifieke doel / gehoor | • gemiddelde woordeskat, met onderwerpgebaseerde woordeskat<br>• korrekte uitspraak van graadvlak-woorde<br>• gebruik hoofsaaklik eenvoudige en basiese saamgestelde sinne<br>• taal vir 'n spesifieke doel en/of gehoor min of meer korrek | • gereelde foute<br>• uitspraak soms foutief<br>• beperkte en foutiewe woordeskat<br>• gebruik van gepaste register en taal beperk tot bekende gehore en doeleindes, met huiwering in onbekende situasies | • woordeskat en taalgebruik selde toepaslik<br>• geen poging tot die gebruik van onderwerpgebaseerde woordeskat<br>• geen poging om taal by doel en / of gehoor aan te pas |

**BYLAE D: ASSESSERINGSKRITERIA VIR DAAGLIKSE PRAAT EN INTERAKSIE**

Ken vir elke kategorie ‘n punt uit 10 toe: deel dan deur 3 om ‘n finale punt uit 10 te kry

| | 1 (Uitstekend) | 2 (Baie goed) | 3 (Bevredigend) | 4 (Voldoende) | 5 (Beperk) | 6 (Onvoldoende) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | **9- 10** | **7- 8** | **6** | **5** | **4** | **1- 3** |
| **Deelname** | • lewer sinvolle bydrae tot en voer onderhoudende gesprek<br>• luister sonder om te onderbreek<br>• vra vir verduideliking en lei sinvolle gesprek<br>• brei uit op ander se relevante idees en gedagtes<br>• redeneer logies en verskaf geldige bewyse ter ondersteuning<br>• respekvolle deelname met opregte belangstelling en sensitiwiteit vir die regte van ander | • lewer gereelde sinvolle bydraes tot gesprekke<br>• luister sonder om te onderbreek<br>• ondersteun argumente met sinvolle bewyse<br>• respekvolle deelname met opregte belangstelling en sensitiwiteit vir die regte van ander | • lewer sinvolle bydraes tot gesprekke<br>• verskaf redes vir menings / gevoelens / idees / gedagtes<br>• brei uit op ander se idees<br>• respekvolle deelname met opregte belangstelling en sensitiwiteit vir die regte van ander | • lewer bydraes tot gesprekke, maar nie altyd betekenisvol nie<br>• doen moeite om mening / gevoel / gedagte / idee te verduidelik en brei soms uit op idees van ander<br>• behou aandag, maar verloor belangstelling as die onderwerp hulle nie interesseer nie<br>• meestal sensitief oor gevoelens en regte van ander | • beperkte bydraes tot gesprekke of lewer basiese kommentaar, of oorhaastig om te praat<br>• argumente nie baie logies en / of te eenvoudig<br>• aandagafleibaar<br>• toon nie genoeg sensitiwiteit vir die regte en gevoelens van ander nie | • baie beperkte of onvanpaste bydraes tot gesprekke<br>• neem gesprek oor, onderbreek voortdurend of onttrek totaal<br>• maak aannames sonder verduideliking<br>• reageer emosioneel en tree bevooroordeeld op in plaas van logies te argumenteer<br>• toon baie min sensitiwiteit vir die regte en gevoelens van ander |
| **Vlotheid** | • kommunikeer onafhanklike gedagtes en idees met selfvertroue<br>• druk persoonlike gevoelens duidelik en bondig uit<br>• maklike en effektiewe vloei van idees, gevoelens en inligting, maklike beheer van gesprek | • praat gemaklik met selfvertroue<br>• logiese verbinding van idees<br>• wissel praatspoed, intervalle, volume en toon af om verwagte betekenisse of gevoelens oor te dra | • handhaaf meestal beskaafde gesprek<br>• voldoende ontwikkeling van idees en uitdrukking van persoonlike gevoelens<br>• basiese verbinding van idees vind plaas | • slegs gedeeltes van kommunikasie is vloeiend<br>• idees word net soms ontwikkel<br>• min verbinding van idees vind plaas | • sukkel om vloeiend te kommunikeer, idees dikwels deurmekaar<br>• voltooi nie sinne of argumente nie<br>• geen verbinding van idees vind plaas nie | • gebruik dikwels slegs geïsoleerde woorde of sinsnedes om te kommunikeer<br>• huiwerig om te praat, lang stiltes<br>• praat te stadig of met geen uitdrukking |

## BYLAE D: ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAAT EN INTERAKSIE

| | 1 (Uitstekend) | 2 (Baie goed) | 3 (Bevredigend) | 4 (Voldoende) | 5 (Beperk) | 6 (Onvoldoende) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | **9 - 10** | **7- 8** | **6** | **5** | **4** | **1- 3** |
| **Grammatika, woordeskat, register** | • gebruik bogemiddelde woordeskat voldoende om fyner nuanses van idees, gedagtes en gevoelens uit te druk<br>• uitstekende gebruik van 'n uitgebreide woordeskat en korrekte uitspraak<br>• gebruik 'n verskeidenheid sinsoorte en verbind woorde en frases korrek en met gemak<br>• toon vertroue in die oorskakeling van taal en register om by 'n wye verskeidenheid interaktiewe situasies te pas | • gebruik 'n goeie reeks woordeskat om idees, gedagtes en gevoelens presies te weergee<br>• uitstekende gebruik van 'n uitgebreide woordeskat en korrekte uitspraak<br>• feitlik geen sinsboufoute, duidelike en korrekte uitspraak<br>• toon bewustheid van goeie taalgebruik in 'n reeks interaktiewe situasies | • gebruik bevredigende woordeskat om 'n paar fyner nuanses van idees, gedagtes en gevoelens uit te druk<br>• meestal korrekte taalgebruik met min foute<br>• gebruik saamgestelde sinne en basiese verbindings en frases korrek<br>• gebruik bevredigende register / taal in die meeste interaktiewe situasies | • gebruik basiese woordeskat om idees, gedagtes en gevoel uit te druk<br>• gemiddelde akkuraatheid in taalgebruik, met 'n mate van steurende herhalende taalfoute<br>• korrekte uitspraak van graadvlak woorde<br>• taal vir 'n spesifieke doel en / of gehoor min of meer korrek | • het beperkte / elementêre woordeskat om idees, gedagtes en gevoel uit te druk<br>• gereelde foute<br>• uitspraak en intonasie soms foutief<br>• min moeite om taal aan te pas om by gehoor en / of doel te pas, of onsekerheid van korrekte register | • onvoldoende woordeskat om idees, gedagtes en gevoel uit te druk<br>• gereelde foute belemmer begrip<br>• woordeskat en taalgebruik selde toepaslik<br>• toon min of geen bewustheid om spesifieke taal te gebruik vir spesifieke doel /gehoor |

## BYLAE E: ASSESSERINGSKRITERIA VIR HARDOPLEES

Ken vir elke kategorie 'n punt uit 10 toe;.deel dan deur 4 om 'n finale punt uit 10 te kry.

| | 1 (Uitstekend) | 2 (Baie goed) | 3 (Bevredigend) | 4 (Voldoende) | 5 (Beperk) | 6 (Onvoldoende) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | **9- 10** | **7- 8** | **6** | **5** | **4** | **1- 3** |
| **Uitspraak** | • duidelik en korrekte uitspraak | • lees alle woorde in die teks korrek | • uitspraak steeds bevredigend en verstaanbaar | • uitspraak van graadvlak woorde voldoende | • uitspraak nie voldoende nie<br>• afwykings kan soms onduidelikheid veroorsaak | • swak uitspraak maak dit moeilik om leser te volg |
| **Vlotheid** | • lees vlot<br>• uitstekende gebruik van stem, volume, tempo en intonasie is verteenwoordigend van die teks (d.w.s, nie net 'n voordrag van feite nie, maar het die inhoud hul eie gemaak) | • vlot, lees sonder huiwering teen 'n normale tempo<br>• effektiewe gebruik van stem, volume, tempo en intonasie dra korrekte betekenis van teks oor | • meestal vlot<br>• bevredigende gebruik van stem, volume, tempo en intonasie dra korrekte betekenis van teks oor | • vlotheid nie konsekwent<br>• aanvaarbare of oordoende gebruik van stem, volume, tempo en intonasie; nie noodwendig effektief nie - dra nie altyd die betekenis van teks oor nie | • vlotheid nie voldoende; benodig hulp<br>• lees te vinnig; lees woorde verkeerd<br>• beperkte gebruik van stem, volume, tempo en intonasie dra korrekte betekenis van teks oor | • lees huiwerig / stadig; gereelde hulp is nodig<br>• geen gebruik van stem, volume, tempo en / of intonasie om betekenis oor te dra nie |
| **Intonasie** | • herskep stemming / atmosfeer en emosie in teks effektief deur stemtoon, verbuigings en tempovariasies | • suksesvolle gebruik van klem, toonhoogtes, intonasie en spoed vir betekenisvolle lees | • genoegsame afwisselende intonasie en toonhoogtes dra by tot vlotheid | • min foute in intonasie en parafrasering<br>• reageer op die meeste leestekens met korrekte toon en intonasie | • talle foute in intonasie<br>• reageer nie altyd op die leestekens met korrekte toon en intonasie nie | • min of geen variasie in intonasie nie / monotoon<br>• te luid / sag<br>• min of geen hoorbare reaksie op leestekens nie |
| **Voordrag** | • uitstekende voordrag<br>• gebruik liggaamshouding en gebare natuurlik as deel van geïnterpreteerde voordrag<br>• behou goeie oogkontak met gehoor | • goed voorbereid, suksesvolle voordrag<br>• hou die gehoor se belangstelling van begin tot einde | • bevredigende voorbereiding word getoon deur korrekte mondelinge interpretasie en lees met die nodige uitdrukking wat begrip van die teks oordra | • 'n mate van voorbereiding merkbaar; aanvaarbare voordrag<br>• mondelinge interpretasie meestal korrek, hoewel nie baie vermaaklik nie – of probeer te hard om te vermaak | • nie voldoende voorbereiding nie - swak voordrag<br>• mondelinge interpretasie soms verkeerd<br>• min vermaaklikheid | • geen voorbereiding - geen behoorlike aanbieding nie<br>• min of geen poging om stem en / of gebare te gebruik om interpretasie van die teks te weergee |

**BYLAE F: NASIENSKEMA VIR OPSTELLE : Taalgebruik en inhoud moet geassesseer word volgens die leerder se verwagte vaardighede in die spesifieke graad.**

| OPSTEL TOTAAL:10 | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | TAAL EN STYL | Uitstekende gebruik van gevarieerde, goed gestruktureerde sinne; baie effektiewe gebruik van verbindingswoorde. Taalgebruik oorspronklik en verbeeldingryk. Goeie beheer oor taalgebruik, interpunksie en spelling. | Sinne korrek gestruktureerd en in logiese volgorde, goeie verskeidenheid van sinstipes. 'n Verskeidenheid van verbindingswoorde korrek gebruik. Goeie woordkeuses, uitdrukkings en styl wat geskik is vir die taak. Gepaste taalgebruik vir die taak. Taalgebruik, interpunksie en spelling meestal korrek. | Eenvoudige sinne en verbindings korrek gebruik. Meer foute in saamgestelde sinne. Woordkeuses meestal korrek. Meer ernstige / steurende foute in taalgebruik, interpunksie en spelling | Baie eenvoudige sinne wat baie foute bevat. Woordeskat is basies, beperk en mag baie foute bevat. Baie foute in taalgebruik , interpunksie en spelling kan soms verwarring veroorsaak. Geen sin vir styl nie. | Sinne onverstaanbaar. Gereelde en ernstige foute in taalgebruik, interpunksie en spelling. |
| **1** | Kreatief / oorspronklik / oortuigend; fassinerend. Bevat alle elemente van hierdie soort opstel; goeie balans van aksie, beskrywing en uiteensetting. Goeie ontwikkeling van onderwerp in goed gestruktureerde paragrawe. | **9 - 10** | **8** | **7** | **6** | **5** |
| **2** | Vertelling interessant en verbeeldingryk. Duidelike inleiding en slot. Bevat die meeste van die elemente van hierdie soort opstel. Handhaaf die vloei van die storielyn en belangstelling van leser. Paragrafering in logiese volgorde. | **8** | **7** | **6** | **5** | **4** |
| **3** | Inhoud gemiddeld, maar voldoen aan taak. Bevat die hoofelement/e van hierdie soort opstel. Idees nie altyd ten volle ontwikkel nie. Struktuur en paragrafering is waarneembaar, met 'n herkenbare inleiding en slot. | **7** | **6** | **5** | **4** | **3** |

## BYLAE F: NASIENSKEMA VIR OPSTELLE

| **OPSTEL**<br>**TOTAAL:10**<br><br>**INHOUD** | | **TAAL EN STYL** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Uitstekende gebruik van gevarieerde, goed gestruktureerde sinne; baie effektiewe gebruik van verbindingswoorde.<br>Taalgebruik oorspronklik en verbeeldingryk.<br>Goeie beheer oor taalgebruik, interpunksie en spelling. | Sinne korrek gestruktureerd en in logiese volgorde, goeie verskeidenheid van sinstipes.<br>'n Verskeidenheid van verbindingswoorde korrek gebruik.<br>Goeie woordkeuses, uitdrukkings en styl wat geskik is vir die taak.<br>Gepaste taalgebruik vir die taak.<br>Taalgebruik, interpunksie en spelling meestal korrek. | Eenvoudige sinne en verbindings korrek gebruik.<br>Meer foute in saamgestelde sinne.<br>Woordkeuses meestal korrek.<br><br>Meer ernstige / steurende foute in taalgebruik, interpunksie en spelling. | Baie eenvoudige sinne wat baie foute bevat.<br>Woordeskat is basies, beperk en mag baie foute bevat.<br><br>Baie foute in taalgebruik , interpunksie en spelling kan soms verwarring veroorsaak.<br>Geen sin vir styl nie. | Sinne onverstaanbaar.<br><br>Gereelde en ernstige foute in taalgebruik, interpunksie en spelling. |
| 4 | Inhoud is beperk / Oninteressant.<br>Inhoud bevat 'n paar elemente van hierdie soort opstel.<br>Dwaal soms van die punt af.<br>'n Swak poging om storie volledig te ontwikkel.<br>Herhalend.<br>Swak of geen paragrafering. | | **6** | **5** | **4** | **3** | **2** |
| **5** | Swak begrip van die onderwerp of totaal van die punt af.<br><br>Idees min, dikwels herhalend.<br>Losstaande, eenvoudige idees.<br>Geen paragrawe. | | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |

## BYLAE G: NASIENSKEMA VIR KORTER SKRYFSTUKKE / TAKE

| KORTER STUK: TOTAAL 10 | | TAAL EN STYL | 1 (Uitstekend) | 2 (Goed) | 3 (Gemiddeld) | 4 (Basies / Beperk) | 5 (Onvoldoende) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | | | - Styl en toon is geskik vir onderwerp, gehoor en doel.<br>- 'n Verskeidenheid goed saamgestelde sinne.<br>- Gepaste en spesifieke woordkeuses ondersteun uitdrukking.<br>- Goeie taalgebruik, interpunksie en spelling. | - Gepaste styl vir gehoor en doel; sommige goed saamgestelde sinne.<br>- Verbindings korrek gebruik.<br>- Goeie woordeskat en uitdrukkings wat geskik is vir die taak.<br>- Taalgebruik, interpunksie en spelling meestal korrek. | - Gewone gebruik van woordeskat, sinskonstruksie en uitdrukking aanvaarbaar; beperkte verskeidenheid van sinne.<br>- Styl en toon ietwat gepas vir doel en gehoor.<br>- Woordkeuses meestal duidelik.<br>- Steurende taalgebruik, interpunksie en spelling. | - Beperkte uitdrukking en akkuraatheid.<br>- Basiese sinne met baie foute; swak paragrafering.<br>- Beperkte en onakkurate woordeskat.<br>- Baie foute in taalgebruik , interpunksie en spelling kan soms verwarring veroorsaak. | -Sinne onverstaanbaar.<br>- Gereelde en ernstige foute in taalgebruik, interpunksie en spelling. |
| **1** | Uitstekende taakverrigting: duidelike begrip van onderwerp, doel en gehoor; fokus deurgaans gehandhaaf; duidelike, relevante idees/gedagtes effektief georganiseer; besonderhede en voorbeelde verbeter skryfvermoë; uitleg foutloos. | | **9- 10** | **8** | **7** | **6** | **5** |
| **2** | Taak uitgevoer: toepaslike keuse van inhoud; ondersteunende besonderhede meestal relevant en effektief; logiese groepering van idees; uitleg korrek. | | **8** | **7** | **6** | **5** | **4** |
| **3** | Taak gedeeltelik uitgevoer: inhoud eenvoudig, maar meestal relevant; sin vir doel en/of gehoor ontbreek soms; min ondersteunende besonderhede; uitleg dalk nie heeltemal korrek nie. | | **7** | **6** | **5** | **4** | **3** |
| **4** | Taak nie bevredigend uitgevoer nie: inhoud nie altyd relevant/ korrek nie; geen duidelike sin van doel en gehoor nie; min bewyse van toepaslike uitleg. | | **6** | **5** | **4** | **3** | **2** |
| **5** | Taak slegs minimaal uitgevoer of glad nie: inhoud baie eenvoudig/baie min/ gedeeltelik, of van die punt af; gevoel van aanbieding ontbreek; uitleg verkeerd/ onvanpas | | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |

**BYLAE H: DEURLOPENDE ASSESSERINGSPUNTELYS: A F R I K A A N S E E R S T E T A A L GRAAD 4 & 5**

**GRAAD:** …………..  **JAAR:** ………….
**SKOOL:** ……………………………………………………………….  **ONDERWYSER:** ……………………………………………………………….

| NAAM VAN LEERDER | Trimester | Luister & Praat | | Lees & Skryf | | | | | Grammatika& Spel & Diktee | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Luisterbegrip | Praataktiwiteit | Hardoplees | Letterkunde | Lees & gerigte skryfwerk | Opstel | Korter skryfstuk | Grammatika | Spel en Diktee | **DA punte** (Termyne 1 – 3) | **Einde van termyn 1 toets** | **Einde van termyn 1 Rapport punt** Termyn 1 (130÷1.3) | **Einde van termyn 2 toets** | **Einde van termyn 2 Rapport punt** DA + Toetspunt (130 ÷ 1.3) | **Totale punte trimester 1 - 3** | **Deurlopende asesseringspunt** (300 ÷ 6) | **Eksamenpunt Termyn 3** | **PROMOSIEPUNT** (DA 50+ Eksamen 50 = 100) |
| | | 10 | 10 | 10 | 10 | 20 | 10 | 10 | 10 | 10 | **100** | **30** | **100** | **30** | **100** | **300** | **50** | **50** | **100** |
| | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

| **Trimester 1** | **Trimester 2** | **Trimester 3** |
|---|---|---|
| Gemodereer: Hoof/Vakhoof:................................................... | Gemodereer: Hoof/Vakhoof:................................................... | Gemodereer: Hoof/Vakhoof:................................................... |
| Datum:................................... | Datum:................................... | Datum:.................................... |

**BYLAE I: DEURLOPENDE ASSESSERINGSPUNTELYS: AFRIKAANS EERSTE TAAL 6 & 7**

**GRAAD:** ………….. **JAAR:** …………

**SKOOL:** ………………………………………………………………… **ONDERWYSER:** ……………………………………………………………………

| | | Luister & Praat | | Lees & Skryf | | | | | Grammatika & Spel & Diktee | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **NAAM VAN LEERDER** | **Trimester** | Luisterbegrip | Praataktiwiteit | Hardoplees | Letterkunde | Lees & gerigte skryfwerk | Opstel | Korter skryfstuk | Grammatika | Spel en Diktee | **DA punte** (termyne1 - 3) | **Einde van termyn 1 toets** | **Einde van termyn Rapport punt** Termyn 1 (150 ÷1.5) | **Eksamenpunt Termyn 2** | **Einde van termyn 2 Rapport** DA + Eksamenpunt (150 ÷ 1.5) | **Totale punte termyn 1 - 3** | **Deurlopende assessering** (300 ÷ 6) | **Eksamenpunt Termyn 3** (100 ÷ 2 =50) | **PROMOSIEPUNT** (DA 50+ Eksamen 50 = 100) |
| | | 10 | 10 | 10 | 10 | 20 | 10 | 10 | 10 | 10 | **100** | **50** | **100** | **50** | **100** | **300** | **50** | **50** | **100** |
| | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

| **Trimester 1** | **Trimester 2** | **Trimester 3** |
|---|---|---|
| Gemodereer: Hoof/Vakhoof:..................................................... | Gemodereer:Hoof/Vakhoof:...................................................... . | Gemodereer: Hoof/Vakhoof:..................................................... |
| Datum:.................................... | Datum:.................................... | Datum:..................................... |

**The National Institute for Educational Development**
Private Bag 2034
Okahandja
NAMIBIA

**Telephone:** +264 62 509000
**Facsimile:** +264 62 509073

**Email**: media@nied.edu.na
**Website:** http://www.nied.edu.na